# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XLII Nr. 10

DONDERDAG, 4 SEPTEMBER 1986


# Behoudendes wen SR-verkiesing

**BEHOUDENDE kandidate het 'n groot meerderheid in Maandag se Studenteraadsverkiesing behaal. Agt lede van die nuwe SR kan as behoudend beskou word. Behoudende kandidate het ook die eerste ses posisies vir die aantal stemme verwerf behaal.**

**STUDENTE het in die eerste direkte verkiesing in ses jaar baie traag gestem. Slegs 33,8 persent het hulle stemme uitgebring, waarvan 91 bedorwe stemme was. Die drie sirkusse, waar die kandidate aan die studente voorgestel is, is ook swak bygewoon.**

Deur CHRIS BARNARD

Toe die uitslag van die Studenteraadsverkiesing Maandag teen middernag bekend gemaak is, was dit duidelik dat behoudende kandidate oorweldigende steun onder studente geniet.

Die eerste ses plekke in die verkiesing is deur behoudende kandidate ingeneem. Mnr. Hein Brand het die meeste stemme getrek – 2 148. Hy is gevolg deur mnre. Frans Volschenk (2 040) en Chris Jacobs (1 915), me. Zenda Barnard (1853), en mnre. Robert Knobel (1 745) en Francois Beukman (1 716). (Sien ook uitslae hieronder.)

Die nuwe Studenteraad, wat polities baie van die vorige SR verskil en voortaan 'n mandaat het om politieke uitsprake te maak, kan Stellenbosch op 'n regser politieke koers lei.


## Nog berigte oor verkiesing op bl. 7


Mnr. Hennie Bester (PSO) is die verligte kandidaat wat die meeste stemme getrek het. Hy het die sewende meeste behaal – 1 606. Die ander verligte kandidate op die Studenteraad is me. Marion Shaer (1 459), en mnre. Nickie Smit (1 443) en Hennie Bester (1 423).

Die oorblywende twee plekke op die SR sal gevul word deur die voorsitter en ondervoorsitter van die Primkomitee. Die voorsitter van die Tygerbergse studenteraad, mnr. Neels Coetzee, sal ook lid van die SR van 15 lede wees.

Die verkiesing is gekenmerk deur swak deelname deur die studente. Slegs 33,8 persent het hul stem uitgebring, terwyl die sirkusse – waar van die verkose kandidate nie goed vertoon het nie – deur min studente bygewoon is.

Twee van die behoudende lede van die SR, mnre. Chris Jacobs en Robert Knobel, het op die sirkusse erken dat hulle lede is van die Ruiterwag, 'n geheime organisasie met invloed in die studentepolitiek.

Talle pamflette is in die verkiesing versprei. Een hiervan, wat onwettig versprei en deur die "Studente Aksiekomitee" uitgegee is, is na bewering lasterlik. Die verligte kandidate word as "links-radikaal" bestempel, wat met " 'n kommunisties beheerde organisasie wil gaan 'gesels' ".

Die Matie het vasgestel dat die pamflet deur Cabo-drukkers gedruk is, maar die bestuurder, mnr. H. Labuschagne, het geweier om die naam van die student wat die pamflet laat druk het, bekend te maak.

Volgens mnr. Hennie Bester, wat ook in die pamflet genoem word, word 'n lasteraksie teen die drukker oorweeg.

Mnr. Phillip Verster, voorsitter van die vorige SR, het gesê die Studenteraad oorweeg ook optrede, maar is bereid om te skik indien die drukker die student wat die pamflet opgestel het, eien.

## UITSLAE:

| | |
|---|---|
| 1) Hein Brand | 2 148 |
| 2) Frans Volschenk | 2 040 |
| 3) Chris Jacobs | 1 915 |
| 4) Zenda Barnard | 1 853 |
| 5) Robert Knobel | 1 745 |
| 6) Francois Beukman | 1 716 |
| 7) Hennie Bester (PSO) | 1 606 |
| 8) Johann Engelbrecht | 1 540 |
| 9) Marion Shaer | 1 459 |
| 10) Tollie Louw | 1 448 |
| 11) Nickie Smit | 1 443 |
| 12) Hennie Bester (Helshoogte) | 1 423 |
| Bedorwe stembriewe | 91 |
| Moontlike stemme | 13 749 |
| Stemme uitgebring | 4 650 |
| Stempersentasie | 33.8 % |


## BINNE:

MENSE:

Studente se drinkgewoontes – 8

Marié-Louise vertel – 6

VERMAAK:

Daniéle Pascal weer op Stellenbosch – 14

KOSHUISRUGBY:

Dagbreek steeds onoorwonne – 19




Lemaryn Louw, wat pas aangewys is as Nasionale Joolpersoonlikheid, was een van die 4 650 studente was Maandag hul stem in die Studenteraadsverkiesing uitgebring het. Foto: DEON SONNEKUS

# Kanselier eet nie met SR

Deur MICHELLE KRUGER

DIE Staatspresident en kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, mnr. P.W. Botha, het nie soos die gebruik is die jaarlikse kanseliersete met die Studenteraad bygewoon nie. Hy het wel dieselfde aand wat die ete plaasgevind het die huisdans van Majuba in Kaapstad bygewoon.

Volgens 'n verklaring wat die SR oor die aangeleentheid gemaak het, het alle reëlings vir die kanseliersete tussen die Kantoor van die Staatspresident en die kantoor van die Rektor plaasgevind.

Die verklaring lei verder dat daar nie genoegsame inligting beskikbaar is waarvolgens bepaal kan word waar enige administratiewe probleme kon opduik nie. Die SR aanvaar dat daar 'n kommunikasiegaping tussen die betrokke partye ontstaan het.

Die kantore van die Staatspresident en die Rektor was nie vir kommentaar beskikbaar nie.

Mnr. Leon Wentzel, primarius van Majuba, het op die huisdans 'n erepenning aan die Staatspresident oorhandig.

Volgens Mnr. Wentzel het hulle die erepenning aan die Staatspresident oorhandig "om hom by die huisdans te kry en as 'n blyk van waardering vir die feit dat mnr. Botha Staatspresident en kanselier is."

Die Rektor, prof. Mike de Vries, het ook die huisdans bygewoon.

# Militarisasie bespreek op SAAK-konferensie

'n KONFERENSIE oor militarisasie word vandag en môre deur SAAK in lokaal 230 van die B.J. Vorster-gebou gehou.

Volgens mnr. Jaco Malan, voorsitter van SAAK, is die oorkoepelende tema van die konferensie militarisasie en die politieke konflik in Suid-Afrika.

Oor 'n moontlike verbod op die konferensie ingevolge die noodmaatreëls, het mnr. Malan gesê die konferensie is binne die "wetlike raamwerk".

"Daar is geen kans dat die konferensie verbied sal word nie," het hy gesê.

Volgens hom het die noodmaatreëls wel 'n effek op die beplanning van die konferensie gehad. "Sommige sprekers wat uitgenooi is, is intussen deur die Polisie in hegtenis geneem," het mnr. Malan gesê. Volgens hom moes van die sprekers ook hulle toesprake "aanpas" om binne die bepalimgs van die noodmaatreëls te bly.

### ANC

Vanaand om 7 nm. praat prof. Pieter le Roux van die Instituut vir Ontwikkeling aan die Universiteit van Wes-Kaapland oor die "ANC se militêre opsies gesien in konteks".

Die rol van die SAW in Suid-Afrika, die diensplIgstelsel en die geskiedenis van diensplIgweiering sal deur mnr. Peter Moll behandel sal word. Hy het diensplig weens gewetensbesware geweier en doen tans 'n doktorsgraad in ekonomie aan die universiteit van Oxford.

Môre word die bespreking oor "vigilantes" deur prof. Nico Smit van Unisa gelei. Twee tipes "vigilantes" gaan onder bespreking kom. Mnr. Andrew Nash van Stellenbosch sal moordbendes bespreek terwyl mnr. Gerhard Maré van die Universiteit van Durban oor Inkatha sal praat.

Volgens mnr. Malan is dit 'n ope bespreking en is almal welkom om hulle stanpunt te stel en vrae te vra.

# Ontwikkelaars opgewonde oor nuwe tegnopark

DIE reaksie uit die private sektor oor die nuwe tegnopark was oorweldigend en bouwerk begin aanstaande jaar, het mnr. Piet Lombard, burgemeester van Stellenbosch en voorsitter van die loodskomitee, gesê.

In sy openingstoespraak het hy gesê Suid-Afrika sal met die ontwikkeling van die tegnopark minder afhanklik van ingevoerde hoë tegnologie wees. 'n Tegnopark sal ook die ontwikkeling van hoë tegnologie-produkte vir die uitvoermark moontlik maak, wat sal bydra tot die skep van nuwe werksgeleenthede.

Prof. Christo Viljoen, dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese en die "vader" van die tegnopark-konsep in Wes-Kaapland, het gesê die meeste van die ontwikkelaars wat die simposium bygewoon het, is baie optimisties oor die vooruitsigte van 'n tegnopark in Stellenbosch. "Stellenbosch beskik oor die ideale omgewing om top tegnici van oor die land te trek," het hy gesê.

### Voordeel

Studente wat op deeltyde of voltydse basis by die tegnopark aangestel word, sal voordeel uit die ontwikkeling trek omdat dit hulle in kontak bring met hoë-tegnologie industrië. Dit is van groot belang vir die keuse van 'n beroep.

Volgens prof. Viljoen dui die feit dat 'n bepaalde firma amper al die nagraadse elektroniese ingenieurwese-studente in diens geneem het, 'n aanduiding van die "geweldige entoesiasme" waarmee die projek beskou word.

Mnr. Chris Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling, het gesê hy sal op grond van "streeksontwikkelingsdoelwitte" bereid wees om tussentydse finansiering te oorweeg vir 'n plaaslike bestuur. Volgens hom kan die "noodsaaklike aanvanklike infrastruktuur" vir die tegnopark dan daargestel word.



Die kanselier, mnr. P.W. Botha, ontvang hier 'n erepenning van mnr. Leon Wentzel, primarius van Majuba. Hy is deur die koshuis vereer vir sy bydrae as kanselier van die Universiteit van Stellenbosch.

# HK hol kaal verby vroue tot by Polisie

**Deur André van Wyk**

TYGERBERG. – Die nuwe HK-lede van Hippokrates-manskoshuis is verlede Donderdag "ontbloot" in 'n inlywingseremonie wat in die Panorama-Polisiekantoor geëindig het.


Die nuwe HK-lede is in hulle adamsgewaad aan die inwoners van die vrouekoshuis Huis Francie van Zijl "bekendgestel".

Kort hierna is hulle na 'n fontein voor die Bellville Burgersentrum geneem waar hulle "gebad" is. Hulle is toe aangesê om die ongeveer tien kilometer na die Tygerberg-kampus terug te stap.

### Ontbloot

Twee kilometer van Hippokrates is hulle deur die Polisie voorgekeer en na die aanklagkantoor geneem. 'n Waarskuwing van openbare ontbloting is teen hulle ingebring.

Volgens mnr. Tommy Bell, nuwe primarius van Hippokrates, was die hele voorval "goed vir die koshuis se gees". "Min mense kan daarop aanspraak maak dat hulle sonder intoksikasie of klere in 'n aanklagkantoor verskyn het," het hy gesê.



# St. John's lewer Oxford se slimstes

OXFORD – Die kollege St. John's van die Universiteit van Oxford het vanjaar vir die vierde agtereenvolgende jaar die beste van al die kolleges aan dié universiteit op akademiese gebied gevaar.

Die kollege het die meeste cum laude-grade gelewer en het ook persentasiegewys die beste akademiese prestasie behaal.

### 35 grade met lof

Studente van St. Johns het vanjaar 35 grade met lof behaal, agt meer as hul naaste teenstander, die University College.

Dosente by Oxford sê gereeld hulle skenk min aandag aan die "gton-tabel", soos hierdie berekeninge bekend staan, aangesien eksamenuitslae slegs 'n deel van 'n kollege se algehele prestasie is.

Nogtans toon graduandi se moontlike werkgewers, sowel as voornemende studente, 'n lewendige belangstelling in die tabel.

### Enkel-geslag kolleges

Een gevolgtrekking is dat enkel-geslag kolleges akademies swakker vaar.

Drie kolleges wat slegs vrouestudente toelaat, St. Hugh's, St. Hilda's en Summerville, beklee die onderste drie plekke ip die tabel. St. Anne's, 'n vrouekollege wat nou ook mans toelaat, het ná dié stap van die 28ste posisie tot die 19de gestyg.

# RAU-kamers is voortaan oop

JOHANNESBURG. – Manstudente aan die Randse Afrikaanse Universiteit mag vroue voortaan op Sondagmiddae in hul koshuiskamers besoek.

Na 'n ondersoek deur die Studenteraad het die Universiteitsraad van RAU toegestem dat mans vrouens tussen twee-uur en vyfuur op 'n Sondagmiddag mag besoek.

Volgens die SR-voorsitter, mnr. Dirk Bakker, is dié besluit "met ope arms verwelkom". Hy het gesê die ondersoek het getoon dat negentig persent van die studente ten gunste van die beperke oopstelling is.

"Ons het jare lank probeer om die universiteitsowerhede te oortuig daar is niks fout met 'n beperkte oopstelling nie. Die studente is verantwoordelik genoeg en sal die universiteitsowerhede nie teleur stel nie," het mnr. Bakker gesê.

Huiskomiteelede wat om kommentaar genader is, het gesê die besluit sal die tekort aan kuierplekke op die kampus verlig. Veral studente wat van ver plekke kom en nie elke naweek kan huistoe gaan nie, het die besluit verwelkom.

Volgens mnr. Koos Roets, skakelbeampte van RAU, mag manstudente vrouens tussen nege-uur soggens en twaalfuur saans in die koshuissitkamers besoek.

"Die RAU beskik egter nie oor die geriewe of die geld om die behoefte aan kuierplekke te bevredig nie," aldus mnr. Roets.

Eerstejaarvrouens word uitgesluit van die nuwe bepalings en mag nog nie mans in hul kamers ontvang nie.

Dit lyk soos 'n OTM-kaart.
Dit werk soos 'n OTM-kaart.
Maar hier's die TrustBank-verskil...




1 **Dis vinniger toegang tot kontant.** Danksy TrustBank se reëletydgeskakelde rekenaarstelsel kan jy geld wat, bv. 10h00 per tjek in jou Campusteller-rekening in Johannesburg gedeponeer word, sekondes later enige plek in Suid-Afrika trek!*

2 **Dis 'n geldmaker.** Jou Campusteller-rekening is soos 'n spaarrekening wat besonder hoë rentekoerse betaal; jou geld verdien vir jou meer geld en daar is nie 'n vereiste minimum saldo nie.

3 **Dis 'n vriend wat oral is.** Jou Campusteller -kaart is landwyd aan Saswitch gekoppel. Of jy nou in Port Shepstone of Pretoria, Kaapstad of Klerksdorp is, jy kan enige tyd van die dag, sewe dae per week kontant trek! Al wat jy moet doen, is om 'n Trusteller-masjien of enige ander outomatiese tellermasjien met die Saswitch-kenteken op, te vind.



4 **Dis 'n moet vir studente ...** En jy moet 'n student wees om een te kry. Dus as jy op universiteit, technikon, onderwyskollege of enige ander tersiêre opleidingsentrum is, vul net ons inligtingsvorm in – of kom kuier vandag by enige TrustBank-tak en maak jou Campusteller-rekening oop.

*Mits dit 'n TrustBank-tjek is wat by 'n kassier gedeponeer is.

SASWITCH

Campusteller

VUL IN, SNY UIT EN POS AAN:
TRUSTBANK, CAMPUSTELLER-AFDELING (V14/2), POSBUS 7694, JOHANNESBURG 2000. Die Campusteller-kaart klink interessant en ek wil graag meer daaroor verneem. Stuur asseblief aan my jul gratis inligtingspakket en aansoekvorm.

NAAM
HUISADRES
KODE
EK IS 'N STUDENT BY

DIT MAAK DIE WÊRELD SE TRUSTBANK-VERSKIL AAN JOU FINANSIES

TRUST BANK Vir persoonlike aandag.

Geregistreerde Bank

DMB&B S3769/a

# Leemtes in opleiding van medici

**Deur JOAN SWART**

PRETORIA. – Daar bestaan groot leemtes in die opleiding van medici in Suid-Afrika, het die hoof van die departement gemeenskapsgesondheid aan die Fakulteit Geneeskunde aan die Universiteit van Pretoria, prof. Glatthaar, gesê.

Prof. Glatthaar, wat ook president van die gemeenskapsgesondheidsgroep van die Mediese Vereniging is, het gesê die onderrig en praktiese opleiding van medici in Suid-Afrika is "in 'n groot mate irrelevant tot die probleme en behoeftes van sowel Afrika se ontwikkelde as ontwikkelende gemeenskappe".

### Probleme

Volgens hom doen mediese studente geen kennis en ondervinding van landelike toestande tydens hulle studiejare op nie.

Daarom kan hulle hulself nie identifiseer met die probleme van ontwikkelende gemeenskappe nie. Dit geld ook in 'n kleiner mate vir die toestande en probleme wat daar in stedelike gebiede bestaan.

Prof. Glatthaar het gesê die onderrig is te siekte-georiënteerd, hospitaal-sentries en oorgespesialiseerd.

### Tegnologie

Studente word glad nie voorberei op die aard van die taak wat hulle eendag sal moet verrig en die probleme wat in 'n landelike gemeenskap kan opduik nie.

Te min klem word geplaas op primêre gesondheidsorg, tegnologie, selfhelpprojekte, gemeenskapsdeelname en kommunikasie met landelike gemeenskappe, het hy gesê.

Hy het mediese skole en fakulteite gevra om in hulle opleiding alle fasette van gesondheidsorg in te sluit en te sorg dat die opleidiing relevant is tot die gemeenskap se probleme, behoeftes en aspirasies.

Hy het gevra dat universiteite 'n "massiewe gekoördineerde diens- en opleidingsprogram" moet opstel om na alle vlakke en bevolkingsgroepe uit te reik. Volgens hom kan sulke programme net met welslae aangepak word as die private sektor sowel as alle universiteite en technikons hulle samewerking gee.

## INTER-BROKKIES

### Studente bots hewig met Koreaanse polisie

SEOUL. – Hewige gevegte tussen polisie en studente wat die "New Korea Democratic Party" steun, vind byna daagliks plaas. Dié party is gekant teen die Koreaanse regering.

'n Groep studente en die polisie het onlangs in 'n winkel-en vermaaklikheidsentrum in die middestad van Seoul, die hoofstad van Suid-Korea, slaags geraak.

Studente het lede van die polisie geskop en geslaan en met sambrele aangeval.

Die "New Korea Democratic Party" het 'n optog gereël om teen die marteling van politieke gevangenes te protesteer. Die regering het die optog verbied.

Tweeduisend lede van die onlustepolisie het deelnemers aan die optog met traangas probeer verdryf. Die traangas het tienduisende mense in die winkelsentrum en omliggende omgewing oorval.

Die regering se optrede het 'n vredesverdrag wat twee maande lank geduur het, verbreek. Die Suid-Koreaanse regering voer aan dat hulle 'n demokrasie wil bevorder, maar dat die kommunistiese bedreiging vanuit Noord-Korea 'n "ferm greep op openbare orde vereis".

### Technikon RSA verskuif na nuwe kampus

ROODEPOORT. – Ná vier jaar van onderhandeling gaan Technikon RSA, die grootste technikon in Suid-Afrika, 'n nuwe kampus in Florida, Roodepoort, oprig.

Onderliggend aan die besluit om uit te brei is die fenomenale groei wat die technikon beleef. Hoewel Technikon RSA nog net ses jaar bestaan, is dit reeds so groot soos UNISA. Dit het 'n groeikoers van meer as 100 persent.

Dit is daarom nie moontlik om voortaan van gehuurde komplekse gebruik te maak nie.

Daar is aanvanklik besluit om die kampus in Verwoerdburg op te rig, maar Roodepoort was die uiteindelike keuse.

Volgens die rektor van Technikon RSA, mnr. Z. van Zyl, is Roodepoort 'n beter ligging, omdat dit omring is deur woongebiede. Verder is dit gemakliker vir die personeel, omdat 'n derde van hulle aan die Wesrand woon. Die vrye toegang tot openbare vervoer en paaie het ook 'n rol gespeel.

Die bou van die kampus sal in 1987 begin en die eerste fase sal teen 1989 voltooi wees.

### Vrou vir eerste keer redakteur van Perdeby

PRETORIA. – 'n Vrou is vir die eerste keer sedert die ontstaan van Die Perdeby, studentekoerant van die Universiteit van Pretoria, 44 jaar gelede, as redakteur aangestel.

Me. Dricé Odendaal, 'n vierdejaarstudent in staatswetenskappe, is die eerste vroulike hoofredakteur by "die grootste studentekoerant" in die land.

Me. Odendaal, wat ook die eerste vroulike adjunk-hoofredakteur by Die Perdeby was, se aanstelling word as 'n deurbraak op die kampus – waar vroue in die minderheid is en tot dusver nie eintlik in studentestrukture verteenwoordig was nie – beskou.

Sy het met haar aanstelling gesê sy gaan nie aan die karakter van Die Perdeby "torring" nie.

"Ek is g'n feminis nie. Maar ek glo in die vrou se vermoëns en voel dat ek 'n kans gegun moet word om myself te bewys. Ek het nou die kans gekry en gaan dit gebruik tot voordeel van die Tukkie-gemeenskap,"het sy gesê.

Me. Odendaal het as sekretaresse by Die Perdeby begin.

### Technikon-studente hou boikot oor verskuiwing

KAAPSTAD. – Ongeveer 370 studente aan die Skiereiland Technikon se sakeskool in Kaapstad het hulle klasse vir een dag geboikot oor die beplande verskuiwing van die kampus.

Die vernaamste oorsaak van die boikot was die ontevredenheid oor die beplande verskuiwing van die sakeskool na die technikon se hoofkampus in Bellville.

Nog 'n rede wat vir die optrede aangevoer is, is biblioteekgeriewe. Die vise-rektor van die technikon, mnr. Brian Figaji, het gesê hy is bewus van die ontevredenheid oor die biblioteek. Volgens hom is daar begin met die oprigting van 'n gebou wat teen die einde van hierdie jaar voltooi sal wees.

Die studente het na bewering van hul klasse weggebly sonder om die redes vir hulle ontevredenheid met die personeel van die hoofkampus te bespreek.

Na die boikot het studente samesprekings met die direkteur van die sakeskool, mnr. Victor Weber, gevoer om die probleme op te klaar.

# Studente vra vir rektor se bedanking

**Deur TANJA HICHERT**

DURBAN. – Studente en personeel van die Universiteit van Durban-Westville het op 17 Augustus op 'n monstervergadering 'n mosie wat vra vir die bedanking van die rektor, die universiteitsraad en die interne beheerkomitee van die universiteit aanvaar.

Verlede week het 'n afvaardiging van studente en akademici met die rektor, prof. Jaap Greyling, en die Universiteitsraad samesprekinge gevoer.

"Die rektor se swak hantering van die krisis op die kampus is die rede vir die mosie," het die SR-voorsitter, mnr. Vasu Gounden, gesê.

Volgens hom het díe krisis ná die implimentering van die noodregulasies op 12 Junie ontstaan.

Dertien studenteleiers is aangehou, en die Weermag het 'n basis met ongeveer honderd troepe op die kampus opgerig, het hy gesê.

Die Veiligheidsmagte het 'n padblokkade beman en video-opnames van studente en personeel geneem. Die kameras was vir 'n week bo-op 'n gebou gemonteer, het mnr. Gounden gesê.

### Weermag

Die Universiteitsraad was volgens mnr. Gounden nooit tydens die tien week-periode wat die krisis geduur het in sitting nie. "Die Raad het geen leiding of bystand aan studente verleen toe die Weermag in beheer van die kampus was nie," het hy gesê.

As die rektor, die raad en die beheerkomitee bedank, sal plaasvervangers deur die studente, dosente, administratiewe personeel en oud-studente gekies word.

### Skuiling

Verlede maand het vyf studente hulle aan die Polisie oorgegee vir aanhouding nadat die studente en die Polisie 'n ooreenkoms bereik het.

Daar is namens die studente, wat in skuiling was, met die Distrikskommissarisse van Polisie van die streek, brig. J.A. Botha en brig. J.C. van Niekerk, onderhandel oor die vrylating van studente wat klaar in aanhouding was en die onttrekking van die Weermag.

Die Polisie het onderneem dat die Weermag van die kampus sou onttrek, 'n monstervergadering op die kampus toegelaat sou word en enige student vóór inhegtenisname toegelaat sou word om die Studente-unie toe te spreek.


Die vyf studente het die versekering gegee dat hulle ander studente sal aanmoedig om voort te gaan met hulle studies, en om die noodmaatreëls te aanvaar.

### Borgtog

Die vyf SR-lede, insluitend mnr. Gounden, is toe in hegtenis geneem. Hulle is aangekla van kwaadsugtigtige beskadiging van universiteitseiendom, die hou van 'n onwettige vergadering en skending van die noodregulasies. Hulle is daarna op R500 borgtog vrygelaat.

Studente op kampus het altesaam R3500 ingesamel om die studente se borgtog te betaal. Die saak is uitgestel tot 4 Septenber.

Prof. Greyling wou geen kommentaar lewer oor die mosie nie. Hy het gesê die universiteitsraad is in beheer van die universiteit. Volgens hom "was daar nooit ernstige probleme op die kampus nie". In 'n verklaring het hy gesê hy "kan niks doen om die Weermag met hulle Casspirs en traangas te keer as dit hulle wil is om die kampus te beset nie."



Mnr. P.W. BOTHA



Kaptein MANGOSUTHU BUTHELEZI

# Buthelezi bepleit Mandela se vrylating

**Deur JOAN SWART**

POTCHEFSTROOM. – Kaptein Mangosuthu Buthelezi, hoofminister van kwaZulu, het die vrylating van Nelson Mandela by 'n simposium oor onrus in Suid-Afrika bepleit. Die simposium is by die Potchefstroomse Universiteit vir CHO gehou.

Sy toespraak is namens hom deur sy minister van welsyn en pensioen, mnr Stephen Sithebe, voorgelees.

Kaptein Buthelezi het Afrikaners daaraan herinner dat dit hulle was wat die "veranderinge in die Regering veroorsaak het toe hulle van die Vorster-era wegbeweeg het deur mnr. P.W. Botha as Eerste Minister te verkies."

Hy het die simposiumgangers gevra of hulle reken mnr. Botha sal steeds so suksesvol wees indien dit ander Afrikaner-leiers was wat in die gevangenis weggekwyn het.

"Hoe sal die Nasionale Party sy probleme met die regses hanteer as dr. Andries Treurnicht, mnr. Eugene Terre'Blanche en mnr. Jaap Marais in die tronk gegooi is?," het kaptein Buthelezi gevra.

"Hoe verwag julle moet swart leiers oor die weg kom as mnr. Nelson Mandela, mnr. Zeph Mothopeng van die PAC, en ander in die gevangenis is?," het hy gesê.

Kaptein Buthelezi het blankes gevra om vertroue te hê dat die swartmense die leiers sal oplewer wat die hele land vra. "Wanneer ék van alle mense sê dat mnr. Nelson Mandela en ander politieke gevangenes vrygelaat moet word, behoort daar na my geluister te word" het hy gesê.

Volgens hom is daar geen rede waarom die onrus in Suid-Afrika nie steeds bekamp kan word nie. Na sy mening is daar egter nie meer baie tyd oor nie. Die "comrades" in die swart woongebiede word al meer "uittartend" en geweld word "meer gereeld" gebruik. Die stadium is reeds bereik dat die ANC in die buiteland, die UDF en Cosatu nie meer beheer oor die swartmense het nie.

"Selfs die Staatspresident kan iets doen deur meer te doen as wat hy tot dusver gedoen het. Hy is besig om te misluk omdat hy te min doen," het kapt. Butelezi gesê.

# Studenterade is verpolitiseerd

**Deur JACO WOLMARANS**

DIE verpolitisering van studenterade blyk landwyd 'n voldonge feit te wees.

Uit die uitslag van Tukkies se VSR-verkiesing blyk dit dat die regse groep op kampus 'n sterk greep op die raad gaan hê, hoewel die meeste lede hulself as "gematig" beskryf.

'n Aantal studente wat gekoppel word aan die regse Afrikaner-Studentefront (ASF) is tot die VSR verkies, onder andere die ASF-voorsitter, mnr. Gerdus Kruger, en mnre. Norman Kok en Thinus Roos, onderskeidelik ondersteuners van die HNP en die KP.

Volgens mnr. Frans Viljoen, sekretaris van Tukkies se VSR, was die aanloop tot die verkiesing deur politiek oorheers, maar nie die verkiesing self nie. Die 23 persent van studente wat gestem het, was díe wat gewoonlik by kampusbedrywighede betrokke raak, het hy gesê.

Die kandidate was volgens mnr. Viljoen meestal "apolities".

Faksiestryde was nie duidelik sigbaar op die RAU-, UPE- en Potchefstroomse kampusse nie.

By die Universiteite van Kaapstad en Durban is verkiesingsveldtogte nog druk aan die gang. Nusas-kandidate staan baie sterk by die Durbanse Universiteit, het 'n SR-lid van die vorige termyn, me. Jenny Irish, gesê.

By die Universiteit van Kaapstad is faksieverskille ook nie so pertinent nie, hoewel 'n groep van vier kandidate informeel deur die "gematigde" Moderate Students Movement gesteun word, het die huidige president van die SR, mnr. Glenn Goosen, gesê.

Op die Wits-kampus is daar gewoonlik nie veel opposisie vir die liberale kandidate nie. Die nuutverkose SR-president, mnr. Etienne Marais, het self 'n groep kandidate gelei om die SR "meer verteenwoordigend en verantwoordelik" te maak: "Die SR moet betrokke raak by politieke kwessies, maar op so 'n manier dat studente en hulle sienings betrek word in beleidsvorming." Volgens mnr. Marais was die meeste kandidate liberaal.

# Kampusbeheer gereed vir enige probleem

DIE administrasie van die Universiteit van Stellenbosch ag die veiligheid van personeel en studente op die kampus baie hoog en dus geld 'n omvattende risikobestuurprogram op kampus, sê kolonel Ivan Bester, hoof van Risikobestuur.

CORNIS VAN DER LUGT het 'n ondersoek oor die veiligheidsituasie op kampus gedoen.

● Twee weke gelede is die brandalarm in die Ou Conservatorium ten tyde van 'n opvoering geaktiveer. Beamptes van Kampusbeheer het eers twintig minute later ondersoek kom instel.

● In 'n ander voorval waar 'n bestuurslid van 'n vereniging na ure toegang tot een van die universiteitsgeboue wou verkry, is hy deur beamptes meegedeel dat hulle nie sleutels vir die gebou het nie.

Volgens hulle word die sleutels van die deure deur personeel verander sonder dat Kampusbeheer 'n duplikaat daarvan ontvang.

Volgens kol. Bester is veiligheid 'n "selfverantwoordelikheid" en kan geen eksterne maatreëls so volledig genoeg wees om veiligheid van mense ten volle te waarborg nie.

"Toestande op die kampus is veilig en dit is veelseggend dat daar gedurende die afgelope jaar tien mense buite kampus gesterf het, terwyl ongevalle op kampus in dieselfde tydperk tot twee werkssituasie-beserings met geen blywende gevolge beperk is," het hy gesê.

Volgens kol. Bester is die administrasie se bydrae om veiligheid te verseker tweeledig. By elke koshuis, akademiese en administratiewe gebou is veiligheidsverteenwoordigers aangestel wat volgens "neergelegde kriteria" moet verseker dat daar aan minimum wetlike veiligheidstandaarde voldoen word.

### Krisis

Verder is daar by Kampusbeheer voltydse personeel wat klagtes en krisissituasies moet hanteer. Volgens kol. Bester word die beheerpersoneel só ontplooi dat daar voortdurend 'n beheerbeampte aan diens is.

"Die Universiteit is tans besig met 'n deurlopende program waarin vroeë waarskuwingstelsels ten opsigte van brand by verskillende geboue te installeer," het hy gesê.



Mnr. Gerald Majatela – een van Kampusbeheer se nagwagte.

Volgens kol. Bester was die voorval by die Ou Conserwatorium te wyte aan 'n "tegniese fout" met die deursein van die alarm na Kampusbeheer. Die alarm is veroorsaak deurdat Huis ten Bosch tydens hul Dramafeesopvoering kunsmatige rook op die verhoog gebruik het.

Volgens hom is die alarmmeganisme egter tans "foutvry" en ander soortgelyke meganismes is behoorlik nagegaan om die herhaling van soortgelyke probleme te voorkom.

## Sendingweek:

# Stroom herlewings ná gebedseminare

'n NUWE gebedsportefeulje is by die Sendingweekkomitee gevoeg ná 'n geloofsherlewing tydens die Sendingweek.

Verskeie bekeerdes het in koshuise soos Helshoogte, Dagbreek, Simonsberg en Minerva getuig, terwyl daar heelwat aktiwiteit in verskeie komitees en organisasies te bespeur was.

Die groot belangstelling in die gebedseminare, die 45 mense wat hulself voltyds aan sendingwerk wil verbind, en die "oorweldigende reaksie" van koshuislede nadat die Sport-Christenaksie van Stellenbosch (SCAS) opgetree het, was bewyse van die herlewing, het die voorsitter van die Sendingweekkomitee, mnr. Le Roux Franken, gesê.

Die verskillende menings van sprekers op die gebedseminare was 'n groot aantrekkingskrag vir studente, meen me. Helena de Swart, organiseerder van die gebedseminare by die Sendingweek. Sy het die herlewing aan die tema van die Sendingweek, "Lewe in Gebed", toegeskryf.

'n Segsman vir SCAS, Mnr. Pieter Klopper, het beklemtoon dat die herlewing die gevaar inhou dat mense sal "deel in 'n fees, maar dat hulle die werklike oplewing sal mis". Volgens hom moet die herlewing ondergeskik aan gehoorsaamheid aan Christus wees.

Die Sendingweekkomitee beplan 'n gebedseminaar vir later vanjaar. "Gebedsimfonieë", waar mense weekliks bymekaarkom om oor sekere onderwerpe te bid, word ook gereël.

# ECC kwaad oor 'bose' pamflette

ANTI-ECC-PAMFLETTE is na bewering deur sommige organisasies by die uitstallings tydens die pas afgelope Sendingweek versprei.

Volgens meneer Nathan Honey, bestuurslid van die Nusas-tak op Stellenbosch, het die "algemene voorkoms" van sommige stalletjies, onder meer dié van Christen Sending Internasionaal, onjuiste inligting oor die ECC en sosialisme weergegee.

Hy het gesê van die pamflette het spotprente bevat wat die ECC as element van die bose uitbeeld. Daar is egter geen voorbeelde van die pamflette beskikbaar nie.

Die Voorsitter van die Sendingweekkomitee, mnr. Le Roux Franken, het gesê daar was wel "probleme" met sommige van die organisasies.

"Die saak het reeds aandag geniet en daar word met die groepe gepraat in verband met die verskille wat daar bestaan oor die interpretasie van die Bybel," het hy gesê.

Volgens die vorige voorsitter van die Sendingweekkomitee, mnr. Hans Davel, het soortgelyke probleme in die verlede voorgekom. Hy beskou die komitee nie "as bevoeg om 'n oordeel te vel nie".




MY BANK MOET SY KANT KAN BRING.

Terwyl jy studeer, lyk gradedag partykeer soos 'n droom ver in die toekoms. Maar wanneer die groot dag eers daar is, wag daar 'n loopbaan en groot eise op jou.

Wanneer jy jou kant bring om die toekoms werklikheid te maak, het jy 'n bank nodig wat dieselfde kan doen: Volkskas.

Ons maak nie beloftes nie. Ons voeg die daad by die woord.

Vir ons is elke kliënt 'n individu. Ons maak dit ons taak om saam met jou te bepaal wat jou finansiële behoeftes is. En om daardie behoeftes verantwoordelik te bevredig met 'n volledige reeks dienste.

**Dis 'n filosofie wat werk. Vandag gebruik meer as 80% van al Volkskas se kliënte geen ander bank nie.***

As ons al die bankbehoeftes van soveel van ons kliënte kan bevredig, sal ons dit nie ook vir jou kan doen nie?

*Grafika-kliëntenavorsing het getoon dat meer as 8 uit 10 Volkskas-kliënte al hulle banksake by Volkskas doen.

Volkskas

Jou bankgenoot deur dik en dun.

McCann-DeVilliers 702751

The Dros

Licensed

*FOR THE BEST STEAK, PIZZA, PASTA*

*WE ARE OPEN LATE 2 A.M.*

*★ SPECIAL ★*

*LATE NITE MENU*

Boerewors Platter
Spaghetti Bolognaise
Crumbed Pork Chops & Chips
Fish & Chips
Crumbed Mushrooms & Tartar
Full menu available

**R3,75**

** FREE IRISH OR DON PEDRO **

on presentation of this advert.
One advert per customer.

NOT VALID BETWEEN
HAPPY HOURS 3-6 P.M.

Venetti SPORTDRAG

TEL. 70240/1



ONS IS INGESTEL OP DIE STUDENT

'N EIE IDENTITEIT IN GROEPSDRAG

— SPESIALE ONTWERP
— GOEIE KWALITEIT
— GOEIE PRYS
— MOOI KLEURKOMBINASIES

KONTAK BETTIE STEENKAMP W 70240/1 H 4395

# SR-verkiesing:

# Politiek verdeel kandidate


Mnr. TOLLIE LOUW

Deur
DAAN MOSTERT

KANDIDATE moes hulle politieke standpunte in die afgelope Studenteraadsverkiesing baie duidelik uitspel.

Die verkiesing, waarin die studente vir die eerste keer in ses jaar weer direk vir die SR kon stem, was gekenmerk deur die pro-



minente rol wat die Populêre Studente Alliansie (PSA) gespeel het.

Uit die pamflet-oorlog en ook vrae op die sirkusse het dit duidelik geblyk dat die verkiesingstryd uit die staanspoor die kandidate se politieke mandaat, wat hulle ingevolge die nuwe grondwet het, wou toets. Dit is hoofsaaklik tussen 'n verligte en 'n behoudende kamp beslis.

Mnre. Frans Volschenk, Chris Jacobs, Hein Brand, Johann Engelbrecht en me. Zenda Barnard het hulleself as gematig voorgestel en is deur die PSA ondersteun.

Mnre. Hennie Bester (PSO), Martin Kriegler, Eric le Grange, Hennie Bester (Helshoogte) en me. Marion Shaer is as verlig bestempel.

## Sirkusse

Op die sirkusse is skerp aanvalle teen mnr. Francois Beukman geloods. Mnr. Beukman se bekwaamheid om homself as SR-kandidaat beskikbaar te stel, is deur vraestellers in twyfel getrek. Sy afdanking as redaksielid van Die Stellenbosse Student, beweerde "misplaasde lojaliteit" teenoor Die Matie en beweerde gebruik van vuil taal op 'n SAAK-vergadering het na vore gekom.

Mnr. Hennie Bester (Helshoogte) het homself van die PSA gedistansieer en gesê dié organisasie het "geen rekord van diens aan die Studenteunie" nie. Hy het hom telkens aan die beginsel van die vryheid van spraak verbind.

Verskeie kandidate het dit duidelik gestel dat die SR verteenwoordigend van die Studente-unie moet bly en nie lede se "persoonlike opinies" moet weergee nie. Mnr. Hennie Bester (PSO) het gepleit vir die desentralisasie van verenigings om verteenwoordiging te verseker.

## Kanselier

Uit hul antwoorde het die meerderheid van die kandidate gevoel die mening van die Studente-unie moet in "gevoelige" kwessies, soos gesprek met die ANC, eers met 'n monstervergadering of referendum geken word.

Kandidate soos me. Michelle Marais en mnr. Hein Brand het dit betreur dat die Universiteit van Stellenbosch 'n politieke figuur as kanselier het. Volgens hulle ly die universiteit se beeld as 'n akademiese instelling daaronder.

Mnre. Chris Jacobs, Robert Knobel en Danie


Me. MARION SHAER

O'Kennedy het op die sirkusse hul lidmaatskap van die Ruiterwag erken. Mnr. Knobel, wat dit op die eerste sirkus ontken het, het op die laaste een verskoning daarvoor gevra. Volgens hom het hy "impulsief" op die eerste sirkus geantwoord omdat hy nog nie lank lid van dié organisasie is nie. Mnr. O'Kennedy het hom teen die "eksklusiwiteit" van die Ruiterwag uitgespreek.

Mnr. Tollie Louw het in sy veldtog homself tot studentebelange verbind. Op die sirkusse het hy dikwels met 'n groot roset op die verhoog verskyn.

Mnr. Martin Kriegler moes op sirkusse sy verbondenheid aan Nusas en die ECC verduidelik. Mnr. Eric le Grange moes indringende vrae oor sy godsdienssiening beantwoord. Mnr. Neels Troskie, 'n blinde student, is daarvan beskuldig dat hy deur die PSA gebruik is om "simpatie" te wen.




Mnr. HENNIE BESTER



# Onwettige pamflette deur PSA versprei

**DIE verwagte pamfletoorlog tussen die verligte en behoudende kampe in die SR-verkiesingstryd is op 'n spits gedryf deurdat die PSA pamflette teen die SR se regulasies versprei het.**

**Volgens die hoofverkiesingsbeampte, mnr. Johan Theron, was drie van die pamflette wat deur die PSA versprei is teen die regulasie dat die naam van 'n kandidaat slegs op twee pamflette mag voorkom. Mnr. Nicolas Myburgh, voorsitter van die PSA, het die onwettigheid van twee van die pamflette erken en verskyn vandag voor die SR se tugkomitee.**

**Volgens mnr. Theron was 'n pamflet wat Sondagaand in die koshuise versprei is onwettig. Volgens hom het hy mnr. Myburgh verbied om die pamflette te versprei. Dit is deur mnr. Myburgh ontken. Volgens mnr. Myburgh is die pamflette gedruk "voordat die SR se reëlings bekend gemaak is" en daar is op aandrang van die kandidate wat daarop genoem is, tot "laat" gewag voordat dit versprei is.**

**In hul pamflette versoek die PSA Nusas en die ECC telkens om "openlik" te verklaar dat hulle teen sanksies is, hulself van mev. Winnie Mandela se beweerde verbondenheid aan halssnoermoorde te distansieer en ANC-geweld te veroordeel. Kandidate wat hulle telkens met dié sienings vereenselwig het, is mnre. Frans Volschenck, Chris Jacobs, Francois Beukman, Robert Knobel en me. Zenda Barnard.**

**In 'n ander pamflet wat deur mnr. George van Niekerk uitgegee is, is mnre. Hennie Bester (PSO), Martin Kriegler, Eric le Grange, Hennie Bester (Helshoogte) en me. Marion Shaer voorgehou as kandidate wat hulself aan "verantwoordelike dienslewering" aan studente verbind het. Volgens dié pamflet het die PSA geen rekord van dienslewering aan die studente nie.**

**Volgens ingeligte bronne was pamflette van beide partye by die stembusse opgeplak. Die PSA se pamflette was in koshuise soos Eendrag en Majuba opgeplak, terwyl mnr. Van Niekerk s'n in die Neelsieloopgang teen die mure vertoon is.**

**Mnr. Johan Theron het in sy reaksie op die pamflet-oorlog gesê die PSA het soveel geldelike steun "dat dit nie vir die linkses sou help om met pamflette te veg nie".**

**Volgens mnr. Phillip Verster het die pamflette 'n groot rol in die verkiesingstryd gespeel. "Die feit dat die verligtes net een pamflet uitgegee het, het hulle waarskynlik die verkiesing gekos," het hy gesê.**

# Studente 'apaties, naïef'

DIE lae stempersentasie van 33 persent bewys dat studente "apaties en naïef," is, het mnr. Johan Theron, die hoofverkiesingsbeampte, gesê.

Hy het reageer op die sukses van die nuwe stelsel. Studente het vir die eerste keer in ses jaar weer direk die Studenteraad verkies. Die opkoms na die drie sirkusse was volgens hom teleurstellend.

Die sirkus in die D.F.Malan-gedenksentrum is deur 350 studente bygewoon, terwyl sowat 500 studente die sirkusse in die amfiteater en Sanlamsaal bygewoon het. Die stempersentasie van die PSO-studente, wat die oorgrote deel van die Studente-unie uitmaak, was slegs 25 persent. In sommige koshuise was die persentasie so hoog as 95 persent.

Mnr. Phillip Verster het daarop gewys dat die studente tevrede moet wees met die politieke mandaat van die nuwe Studenteraad. Volgens hom gee die "grapkandidatuur" van mnr. Tollie Louw 'n "ligsinnige, irrelevante kleur" aan die nuwe SR.

# Universiteit bou moderne woonplek vir werkers

'n MODERNE woonplek van meer as R280 000 vir die universiteit se koshuiswerkers word tans in KayaMandi opgrig. Volgens 'n bestuurslid van Aksie Sosiale Geregtigheid (ASG), mnr. Naas Lindeque, is die nuwe woonplek "van dieselfde gehalte as koshuise op Stellenbosch".

Mnr. Lindeque, 'n tweedejaar regstudent, het onlangs namens die ASG 'n ondersoek na die lewens- en werkomstandighede van die koshuiskombuiswerkers geloods.

Volgens mnr. Lindeque was die ander woonplekke vir die werkers tot 'n paar maande gelede "heeltemal oorbevolk". Hulle het sementvloere gehad sonder plafonne, voldoende toilette of wasbakke.

"Met behulp van die Universiteit is hierdie woonplekke verbeter en is die werkers se lewenstoestande daadwerklik verbeter", het hy gesê.

Hy het daarop gewys dat daar bestaande woonplekke is wat nog oorbevolk is. Volgens hom hoop die ASG dat die nuwe woonplek die probleem sal oplos.

## Studiefonds

Hy beveel verder in sy verslag die stigting van 'n studiefonds vir die kinders van koshuiswerkers aan. "As kinders van universiteitspersoneel betaal hulle veel minder klasgelde as ander studente," het hy gesê.

Volgens hom sal die ASG die studiefonds stig, administreer en op "akademiese meriete" aan kinders van koshuiskombuiswerkers toeken.

Volgens mnr. Lindeque is die koshuiswerkers voltyds onder die bestuur van mnr. H.R. Feiland en mnr. Pieter Schwarz. Hulle raak "vrywillig" by die werkers se probleme betrokke ofskoon dit nie deel van hul amptelike pligte uitmaak nie. Volgens hom "skroom die werkers nie om daarvan gebruik te maak nie".


In vergelyking met ander werkers in die Stellenbosch-distrik, ontvang koshuiswerkers 'n "hoë" salaris. Mans ontvang tot R350, vroue tot R325 en die plaaswerkers tot soveel as R600 per maand. Volgens mnr. Lindeque ontvang die werkers elke dag drie gratis etes. Die werkers word ook verplig om binne twee jaar by 'n pensioenfonds aan te sluit.

## Vakansies

Die koshuiswerkers neem betaalde verlofgedurende die universiteitsvakansies.

Volgens mnr. Lindeque is dié "lang betaalde vakansies" in die lig van hul "uiters lang werkure" geregverdig. Die werkers kry gratis mediese hulp en word elke jaar vir tering getoets.

Die ASG beoog om deur hul betrokkenheid die koshuiswerkers se lewenstandaard te verhoog, omdat hulle volgens mnr. Lindeque tans "in 'n toestand van chroniese gemeenskapsarmoede" bly. Volgens mnr. Lindeque poog die ASG om deur Bybelstudiekringe nouer kontak met koshuiswerkers te maak en as 'n "afspringplek" vir hul gemeenskapswerk te gebruik.


'n Vooraansig van die nuwe woonplek vir koshuiswerkers wat tans teen 'n geraamde koste van R280 000 in KayaMandi opgerig word.

# Jeugdiges vas ná vlaag motorinbrake

TIEN vermeende diewe is verlede Vrydag in hegtenis geneem nadat 'n reeks motorinbrake die afgelope week veral die manskoshuise Huis Visser, Huis Marais, Majuba en Dagbreek getref het.

Volgens 'n woordvoerder van die Polisie is daar by meer as dertig motors ingebreek en artikels soos radio's, sonbrille en klein hoeveelhede kontant met 'n algehele waarde van meer as R5 000 gesteel. Studente wat die diewe gesien het, het die Polisie in kennis gestel en vroeg Vrydagoggend is twee deur die Polisie gevang.

Ná verdere ondersoek is agt jeugdiges in hegtenis geneem. Meer as die helfde van die gesteelde items is in hulle besit gevind.

Studente wat goedere vermis, kan dit by die Polisiekantoor kom identifiseer. Hulle kan met adjudant-offisier H.L. Burger in verbinding tree by ☎ 70341.

## Drinkgewoontes op S'Bosch

# Kroegbase tevrede met studente

Deur NICOLENE STRAUSS

KROEGBASE voel gelukkig oor die gedrag van studente wat drinkplekke op Stellenbosch besoek.

Die aanwesigheid van 12 000 studente het ook nie 'n negatiewe invloed op die dorp se ongeluksyfer nie, meen die Stellenbosse verkeersafdeling.

Dit het aan die lig gekom in 'n ondersoek wat Die Matie, ná kommentaar oor drankmisbruik tydens die onlangse Intervarsity, na die drinkgewoontes van studente gedoen het. Daar is ook beweer dat alkoholmisbruik vanjaar 'n faktor by meer as helfte van die sterfgevalle van Maties was.

Volgens mnr. Henry Meyer, die eienaar van De Akker, gedra studente by sy kroeg hulle "tans nie sleg nie."

Hy meen die bestuur van 'n drinkplek bepaal grootliks die gedrag van sy klante. Volgens hom sal daar nie "onnodige probleme" wees as die bestuur genoeg kontrole uitoefen nie

Mnr. Meyer sê hy wil graag hê die studente moet "verantwoordelik drink". Daarom voel hulle verplig om vir mense te sê as hulle genoeg gedrink het.

Volgens mnr. Meyer is "net een wildebees nodig om 'n aand vir almal te bederf".

"Daar is natuurlik sekere tye van die jaar, soos onlangs weer met Intervarsity, wanneer De Akker besiger as gewoonlik is. Soms is dit oorvol," het mnr. Meyer gesê.

Die hoof van die Verkeersafdeling, Mnr. P. Meyer, het gesê die ongeluksyfer op Stellenbosch is nie hoër is as op enige ander plek nie.

"Vanaf Januarie tot Junie was daar 492 motorongelukke op Stellenbosch. In 138 van hierdie gevalle was studente betrokke,"het hy gesê.

Volgens hom word daar nie teen 'n motoris opgetree bloot omdat hy 'n student is nie.

Met Intervarsity, "waar 'n vreemde student in die dorp rondbeweeg, word addisionele dienste aangebied om hierdie vreemde element te demp," het hy gesê.

Volgens mnr. Dennis du Plessis, die bestuurder van Monkeys, vroeër bekend as Die Stal, is hy elke aand daar "om beheer uit te oefen". Daar is nooit probleme met die studente nie, het hy gesê.

'n Kroegmeisie wat daar werk, het gesê 'n vaste groep klante drink gereeld daar. Hierdie groep tree gewoonlik beleefd op.


Die feit dat daar ná die Intervarsity-"down downs" slegs een kas gebreekte bierbottels was, is 'n bewys van dié goeie gedrag, meen mnr. Du Plessis.






SPESIALE AANBOD VIR SEPTEMBER!!

TELEFUNKEN PALcolor 1320





TELEFUNKEN PALcolor 1320

- Compact receiver with 51 cm colour television picture tube.
- Universal tuner adaptability.
- Infrared remote control for selection of up to 39 stations and all major functions.
- LED station and channel indicator.
- 6 watts of music power through front-mounted speaker.
- Headphones socket.
- Prepared for conversion to stereo.
- Energy consumption only 59 watts.
- PLL (phased lock loop) automatic push-button, programme search.
- 24-hour continuous duty tested.
- Beltel compatible.
- Teledata (optional).
- Scart Connector for R.G.B. Computer Compatibility.
- Automatic colour contrast.

**Cabinet finish and dimensions.**
Cabinet finish: walnut or brown/metallic.
Dimensions: (WxHxD) 59 x 42 x 46 cm.

- Kompakte ontvanger met 51 cm kleurtelevisie-prentbuis.
- Universele instemmer-aanpasbaarheid.
- Infrarooi afstandbeheer vir die kies van tot 39 stasies en alle hooffunksies.
- LED stasie- en kanaalverwyser.
- 6 watt musiekkrag deur voorgemonteerde luidspreker.
- Oorfoonsok.
- Voorberei vir omskakeling na stereo.
- Energieverbruik slegs 59 watt.
- PLL ("phased lock loop") outomatiese, drukknop, programsoek.
- 24 uur deurlopend getoets.
- Beltel-versoenbaarheid.
- Teledata (opsioneel).
- Scart-verbinder vir R.G.B.-rekenaarversoenbaarheid.

**Kabinetafwerking en afmetings.**
Kabinetafwerking: okkerneut of bruin/metaalkleur.
Afmetings: (LxHxB) 59 x 42 x 46 cm.

R1547,47 net by:

TELEFUNKEN PALcolor

Stellenbosch Furniture Co. (Pty) Ltd.
Meubel Maatskappy (Edms) Bpk.

cnr Andringa & Church Streets · ☎ (02231) 73004/5/6


# Dagbreek A wen met ANC-debat

DAGBREEK se A-span het verlede week die Jan Smuts Debatskompetisie teen Dagbreek se B-span gewen.

Die A-span, mnre. Francois Beukman en Emil Brinker, het die onderwerp, "Die ANC moet nou ontban word," ondersteun tydens die finale rondte, wat op die Simonsig-landgoed plaasgevind het.

Mnr. Floris Brand, bestuurder van Volkskas, het die De Villiers Graaff-skild aan die wenners oorhandig. Hulle het elkeen 'n kontantprys van R 3 00 ontvang. Die naaswenners, mnre. Johan Oosthuizen en Gerhard Janse van Vuuren, het elk R100 ontvang.

Dr. Anton van Niekerk van die departement filosofie en prof. Max Loubser, 'n regsdosent, was die beoordelaars van die eindrondte.

Dr. Van Niekerk het gesê hy was beïndruk met die gehalte van die sprekers, maar hulle kon nog verder verbeter. Mnr. Beukman het in sy argument gesê die ANC is 'n gedugte party wat "ouer as selfs die NP is" en baie steun onder swartes in stede en op die platteland het.

"Die ANC is toenemend besig om te radikaliseer en kry steun van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party juis omdat hulle verban is," het hy gesê.

Volgens mnr. Brincker het die Regering met die apartheidsbeleid met geweld begin en dat die ANC slegs daarop reageer het.

Volgens hul teenstanders, Dagbreek se B-span, sal die wettiging van die ANC 'n potensiële oplossing vir Suid-Afrika in die gedrang bring. Die risiko's van so 'n drastiese stap is te groot, het mnr. Oosthuizen geargumenteer.



Die wenners van die Jan Smuts-debatskompetisie, mnre. Emil Brincker en Francois Beukman, ontvang hier hul skild van mnr. Floris Brand, bestuurder van Volkskas, wat die kompetisie geborg het.

# Maties is nou middelmatiges

**Studente raak al hoe meer apaties oor alles buite hul onmiddellike plig en plesier, het dr. Johann Meyer van die Buro vir Studentevoorligting in sy toespraak tydens die Jan Smuts-debatskompetisie gesê.**

**Volgens hom is die gevolg daarvan dat die meerderheid studenteleiers redelik apaties is, "omdat die studentekiesers tevrede is met gemiddelde leiers".**

**Hy het gesê veral vrouestudente dink en praat te min oor die "fundamentele vraagstukke van ons land en sy mense".**

**Hy meen Stellenbosch het in die verlede bykans op elke gebied leiers opgelewer. "Tans is daar 'n groot getal studente wat net doodgewoon afskakel ten opsigte van die brandende kwessies.**

**"Baie het 'n simplistiese siening van: 'ek is bloot 'n ingenieur of huishoudkundige' en ontken geheel en al die rol van 'n gemeenskapsleier of ten minste 'n meningsvormer," het hy gesê.**

**Volgens dr. Meyer bestaan daar groot kommer onder Stellenbosse studente oor die bruikbaarheid van hulle kwalifikasies binne Suider-Afrika en oor die voortbestaan van die vryemarkekonomie.**

**"Die grootste kommer is egter oor die spiraal van geweld wat op die lange duur die klowe tussen bevolkingsgroepe onoorbrugbaar kan maak," het hy gesê.**

**Dr. Meyer meen die "geweldige herlewing" tydens die sendingweek kan moonlik verband hou met dié "onderbewustelike" kommer.**

# Bishop navorser by UWK

KAAPSTAD. – Me. Di Bishop, voormalige PFP-LPR vir Tuine, is as navorser aan die Instituut vir Maatskaplike Ontwikkeling aan die Universiteit van Wes-Kaapland aangestel.

Me. Bishop, wat hoofsaaklik navorsing sal doen oor landelike ontwikkeling, het gister gesê sy begin op 1 September werk. Sy het omvangryke kontakte met landelike gemeenskappe opgebou saam met haar gewese kollega in die Provinsiale Raad, me. Molly Blackburn, wat verlede jaar in 'n motorongeluk gesterf het.

'n Hele aantal plattelandse gemeenskappe het die UWK genader vir bystand in die vorm van navorsing en die regstreekse betrokkenheid van studente en personeel.



Me. MOLLY BLACKBURN



Me. DI BISHOP

# Universiteite reik verklarings uit oor noodtoestand

**Deur JACO STRAUSS**

JOHANNESBURG. – Ampsdraers van vyf universiteite het op 15 Augustus verklarings uitgereik teen die Regering se noodmaatreëls en op drie universiteite is vergaderings hieroor belê.

Prof. Karl Tober, vise-kanselier van die Universiteit van die Witwatersrand, het die vergadering daar belê.

Hewige kritiek het die vergadering voorafgegaan. Volgens mnr. John Lambson, vooritter van die University Freedom of Speech Society, was die kritiek nie teen die vergadering wat gehou sou word nie, maar wel teen die feit dat dit akademiese tyd in beslag sou neem.

Volgens hom was veral ouers ongelukkig oor die feit dat die akademiese tyd wat deur hulle en die staat betaal word, vir 'n suiwer politieke doel aangewend word.

Voor die aanvang van die vergadering, wat deur sowat 3000 studente bygewoon is, het studente vryheidsliedere gesing en slagspreuke soos "Viva ANC" en "Viva Umkhonto we Sizwe" geskree.

In sy toespraak het prof.Tober gesê die afkondiging van die noodmaatreëls op 12 Junie het ernstige gevolge vir die universiteit se akademiese program gehad.

As akademikus voel hy veral bekommerd oor optrede teen personeellede en studente aan akademiese instellings.

"Die gevolge het 'n striemende effek op Wits se primêre doel, naamlik om te onderrig," het hy gesê

# Studente en Polisie slaags by Wits

**Deur TANJA HICHERT**

JOHANNESBURG. – Studente en die Polisie het by die Universiteit van die Witwatersrand slaags geraak nadat ongeveer veertig studente verlede week 'n optog deur die strate van Braamfontein gehou het. Een student is in hegtenis geneem.

Studente het klippe gegooi en een student het skote gevuur. Die Polisie het traangas en sambokke gebruik om die studente uiteen te jaag.

Die optoggangers, met roubande aan, het langs Jorrissenstraat en Jan Smutslaan afbeweeg. Hulle is deur die Polisie gekonfronteer toe hulle weer die kampus wou betree.

Die optog het plaasgevind ná 'n monstervergadering op die kampus, wat deur tussen 700 en 1 000 studente bygewoon is.

Nusas, die Black Students Society en Azaso het die vergadering, wat na aanleiding van onlangse gebeure in Soweto waar 21 mense gesterf het, gehou is, gereël. 'n UDF-spreker het by die vergadering opgetreë.

Vyftig persent van die studente wat aan die optog deelgeneem het, was swart. Baie ander studente en toeskouers het agternageloop, terwyl die Polisie die strate beman het.

Gedurende hierdie konfrontasie is die president van die NSF, mnr. Phillip Powell, deur omtrent 50 studente aangerand. Hy beweer Wits se kampuspolisie wou hom nie help nie.

Volgens 'n SR-lid van Wits, me. D. Loudon, was die kampuspolisie nie in die omtrek nie. "Powell het die mense wat aan die optog deelgeneem het, uitgelok," het sy gesê.

Mnr. Victor Gordon, studentesake-beampte van Wits, het na bewering daarin geslaag om die geveg te beëindig.

In 'n ander voorval het 'n tandheelkundestudent, mnr. Kevin Todes, skote na die skare gevuur. Hy wou sy motor uit 'n parkeerplek trek, maar dit was weens die hoeveelheid mense wat in die omtrek was onmoontlik. Hy het baie vinnig weggetrek en twee mense raakgery. Nadat iemand in die skare sy agterste ruit met 'n klip stukkend gegooi het, het hy twee skote na die skare gevuur. Mnr. Gordon is amper raakgeskiet.

Fotofast Fotofast Fotofast 1 HOUR PHOTOS

EXPOSED!!

Fotofast REVEALS THE VERY BEST DEALS IN DEVELOPING AND PRINTING

FREE ALBUM & SUBSIDISED FILM WITH EVERY FILM PROCESSED & PRINTED

NO EXTRA COST OUR PRINTS ARE 37% LARGER

20% OFF ALL COLOUR FILM
· KONICA
· KODAK
· SAKURA

PLUS

R2.00 OFF EVERY COLOUR FILM PROCESSED & PRINTED
on presentation of this advertisement

OR

FREE ENLARGEMENT WITH EVERY COLOUR FILM PROCESSED & PRINTED

OR

FREE 4 REPRINTS WITH EVERY COLOUR FILM PROCESSED & PRINTED

HURRY! LIMITED TIME OFFER!




Fotofast
THE PHOTO SPECIALISTS

TRUST BANK CENTRE STELLENBOSCH
TEL.02231-3435

KONICA COLOR FILM – THE IMAGE OF PERFECTION

# Students fear they might be hijacked

**Authoritarian leadership has little chance of impressing students, Prof MIKE DE VRIES wrote in Leadership magazine. Excerpts.**

IN contrast to the fiery actions of students in the US and Europe in the late Sixties and early Seventies, students at Stellenbosch remained relatively calm. There were signs of a greater critical involvement, but a constructive rather than a destructive one – in sharp contrast to the effects of student unrest elsewhere in the Western world.

In the Seventies, student organisations offered speakers of other races, and divergent beliefs the opportunity to address enthusiastic audiences on the Stellenbosch campus. Many other Afrikaners found this strange and unusual, and the fundamentalists of apartheid thought, saw this as an undermining action within their own ranks.

When in 1978, the first students of other races were admitted to undergraduate courses – even though this was on a very small scale – it occured



M.J. DE VRIES

with the enthusiastic support of student leaders, and this swiftly led to further representations for the complete opening, not only of the university, but also of student residences.

Now, many years later, the divisions, arguments and actions are often different. The average student of today on the Stellenbosch campus is still opposed to violence as a solution for social and political problems. He is also everything but anti-government – in fact, the reform measures are strongly supported.

Nevertheless, there has been a change in attitude since the Seventies. The insistence on peaceful change has become more intense, and students' calls for political and social reform are characterised by a sense of urgency.

This difference in attitude should not be interpreted as a rebellious protest against the institutions and policies of the authorities. For example, the students that wanted to travel to Lusaka for discussions with the youth wing of the ANC were not expressing a spirit of defiance. Rarther, they were motivated by a serious concern for the coming years, and by the conviction that the current pace and priorities of reform would not ensure a relatively peaceful and stable future.

In the Seventies, there was a reasonably widespread confidence among students in the ability of the authorities to solve the political problems. This confidence has reduced markedly. Students feel increasingly that they should undertake initiatives themselves, in areas where they alone can make a contribution. As a student put it: "It is *our* future that are at stake. If we have to fight for our future on the borders, we also want to fight for it on other fronts."

It is true that many young people, students included, still take their stands along traditional political dividing lines which contributes to the further entrenchment of prejudice and grievances. But there are also increasing numbers of students who are in fact attempting to transcend these traditional political divisions, to propose alternative alignments and to strive in their thought, actions and attitudes for a society in wich the harm and hurt caused by apartheid will be left behind for good.

Sometimes I get the impression that the majority in the political middle on the Stellenbosch campus fear that they may be hijacked by left-wing radicals or right-wing reactionaries. It sometimes appears as if clear guidance for this middle group is still lacking. In this regard it will be important to ensure that the guidance provided will be in the right style.


Authoritarian and prescriptive leadership imposed from above has little chance of impressing students. What is needed is the kind of leadership which will not seek to conceal the problems of the transitional period, but in fact combine a realistic assessment of these problems with an inspiring and imaginative vision of the future and with creative, innovative thinking.

The leadership students are seeking, especially from within their own ranks, is that which will recognise the rich but unexploited potential of the values which South Africa's people share with one another, despite their differences and the alieniation between them. We cannot really talk of self-assured "student power" on an Afrikaans campus – at any rate, not to the extent that this is found in Europe and the US. What prevails is rather a deep uncertainty about the future.

This uncertainty can, however, become the source of a new social dynamism. Students concerned about the future can be mobilised to constructive action. Any political or cultural organisation which seeks to maintain the support of our students will only be able to do this if it offers ideas and initiatives which wil capture their imagintion.

**●This article is published with permission of Leadership magazine.**

**Handboekskrywers is die produk van die sosiale klimaat en is dus nie altyd ewe objektief nie. PIERRE DE VOS het 'n paar voorbeelde gaan opdiep.**



Illustrasie: JOANNE HARVEY

# Boeke van die vaders

"DAT daar gebreke en tekortkominge in hierdie werkies voorkom wil ek nie ontken nie," skryf B.G. Lindeque in die voorwoord tot die 1941-uitgawe van die geskiedenishandboek vir Transvaalse hoërskole. Hierdie woorde is vandag, 45 jaar later, nog net so waar.

Uit Lindeque se eensydige keuse van onderwerpe, en sy subjektiewe menings wat as feite voorgehou word, blyk dit duidelik dat hy in die geskiedenis wat hy aan 'n vorige geslag voorgehou het, 'n duidelike ideologiese standpunt gepropageer het.

In haar boek, Africana Afrikaners, kom J.M. du Preez tot die gevolgtrekking dat handboekskrywers self produkte van 'n spesifieke tydperk en sosiale klimaat is, en daarom "kom die waardes wat hulle huldig en die meestersimbole waarin hulle glo in hulle b oeke tot uiting."

Volgens haar kom daar in die skoolhandboeke wat tans nog in blanke skole gebruik word, telkens "meestersimbole" voor wat mense se lewensbeskouing so vorm dat dit toekomstige gedrag van die leerling bepaal. "Uit hierdie simboolsisteem word individue wat tot ander identifikasiegroepe behoort, beoordeel en word op 'n spesifieke wyse teenoor hulle opgetree."

Die simbole waarvan mev.Du Preez praat, is egter reeds te vind in 'n vorige geslag van handboeke waarvan mnr. Lindeque se poging 'n baie kru voorbeeld is. In die geskiedenisboek word byvoorbeeld verskillende nasionale vraagstukke bespreek waarvan die "naturelle probleem" een is. Onder die opskrif: "Die inhoud en gevaar van die Naturelleprobleem," verklaar mnr. Lindeque dat die vraagstuk daarin bestaan "dat hier in Suid-Afrika 'n oormag van kaffers teenoor 'n handjievol blankes bestaan."

Volgens hom "staan die Naturelle minstens 2 000 jaar in beskawing agter die Blanke. In plaas daarvan om hierdie kaffer die geleentheid te bied om op sy eie natuurlike wyse te ontwikkel, wys ons deur ons daelikse (sic) kontak met hom vir hom kortpaaidjies aan waarlangs hy ons beskawingspeil kan bereik." Hy waarsku: "Uiterlik word hierdie mak kaffer beskaaf, trouens hy dra ons klere, eet dieselfde fyn geregte as ons, bestuur ook 'n motor, dog innerlik bly hy 'n barbaar."

Hierdie rassevooroordele kom volgens Du Preez ook in moderne handboeke voor en word verteenwoordig deur 'n "meestersimbool" wat verklaar: "Blankes is meerderwaardig; Swartes is minderwaardig."

Volgens haar,"kulmineer die ingebore nydigheid wat 'n mens teenoor sy medemens kan hê, op sy intensiefste in rassehaat." Dit vind by alle gemeenskappe plaas en word gewoonlik sosiaal uitgedruk deur 'n minderheidsgroep kategories as die oorsaak van wanverhoudings uit te sonder. Du Preez is ook van mening dat "waar dit gaan oor die verhouding tussen blank en swart, skoolhandboeke die meeste geneig is tot eensydige aanbieding en die gebruik van emosionele terme."

Hoewel sy haar studie tot moderne handboeke beperk het, lewer Lindeque se geskiedenisboek wat veertig jaar gelede in skole gebruik is, baie kru voorbeelde van eensydige aanbieding.

In sy behandeling van die "Indiër vraagstuk" verduidelik hy hoekom "Die Indiër" so suksesvolle handelaar is. "Die Indiër se uitgawes aan sy persoon is gering, trouens hy eet hoofsaaklik kerrie, rys en vleis en nie van die weelderige geregte van die Europeaan nie."

Onder die opskrif, "uitbuiting", verklaar mnr. Lindeque dat die handelsgees in die lewensbloed van die Indiër is. "Daarom kan ons verwag dat hy ook al die kunste en streke van hierdie bedryf verstaan soos Ampie tot sy leed uitgevind het na hy onder Ou Moosa se hande deurgeloop het." Lindeque kan hom hier nie weerhou om fiksie in die vorm van feite aan geskiedenisleerlinge voor te hou nie.

Die etnosentrisme van blankes is volgens Du Preez " 'n diepliggende meestersimbool van die Afrikaner en word in handboeke geregverdig deur die Christelike beskawing en die inherente agterlikheid van ander rasse." Lindeque se geskiedenisboek beklemtoon veral laasgenoemde aspek. So skryf hy dat die Indiër se huishouding "deurgaans slordig" is, dat "sy woonbuurt onhigiënies" is, en "sy leefwyse bevorderlik is vir die uitbroei van kieme. Dikwels het die pes en pokke al selfs in Suid-Afrika etlike slagoffers onder Indiërs geëis."

Du Preez wys ook 'n "meestersimbool" uit wat verklaar: "Die Afrikaner word bedreig." Volgens haar word hierdie bedreiging in die skoolhandboeke verklaar as sou dit as 'n beproewing vir die Afrikaner gesien kon word.

Hierdie tendens kom ook reeds in Lindeque se boekie voor in sy behandeling van die Armblanke-vraagstuk. Volgens hom het alle handewerk op 'n stadium vir die blanke 'n skande geword om te verrig "omdat daardie spesiale soort werk juis die klas is wat deur die kaffer of die gekleurde gedoen is. As hier geen naturelle in ons land was nie, sou die Armblankes nie met veragting op handearbeid neergesien het nie," verklaar hy die probleem.

As oplossing bied hy die "segregasie of afskeiding van die kaffers en kleurlinge van die blankes" aan. "Sodra dié groepe apart van die blanke woon, sal die armblankeprobleem gedeeltelik uitgeskakel word," skryf hy.

Veertig jaar gelede, toe hierdie boekie in Transvaalse skole gebruik is, het verskeie parlementslede nog op die skoolbanke gesit. Is dit denkbaar dat dié parlementslede voor 'n eksamen moes leer: "Innerlik bly hy maar 'n barbaar. . .Innerlik bly hy maar 'n barbaar. . .Innerlik bly hy maar 'n barbaar" ?

## KAMPUS-MENINGS

**Wat dink jy van Die Matie en die rol wat dit op die kampus vervul?**



A. ALHEIT



J.P. ROODBOL

**Anneke Alheit**

Ek kan eerlikwaar sê ek lees nooit Die Matie (DM) nie, want ek het nooit tyd nie, maar sovêr ek kan agterkom het dit 'n redelike goeie doel op kampus. Dit hou die mense aan die gang.

**J.P. Roodbol**

Ek glo dat DM se nuus, veral wat by die koshuise aangaan, oud is teen die tyd wat dit in die koerant verskyn – of dit verskyn glad nie. Ek dink veral die koshuisstudente, wat nou nie so baie belangstel in politiek nie, word afgeskeep. Koshuisaktiwiteite word eintlik glad nie gedek nie. Ek lees eintlik alles in DM, behalwe miskien hier en daar 'n "weird" kunsartikel.

**Charmaine Husselman**

Dit is vir my baie interessant om DM te lees. Die dele wat vir my interessant is, is Sosiaal, Sport en Nuus. Die doel van DM behoort te wees om jou meer te vertel van wat op kampus asook in die koshuis aangaan. Dit vervul wel daardie doel.



C. HUSSELMAN



S. MOUTON

**Simon Mouton**

Ek lees dit nou en dan, maar dis nie eintlik vir my so groot ding nie. Ek stel belang in al die mense se opinies – dit laat my meer sien wat aangaan. Maar dit is nie vir my so 'n groot "scene" nie. Ek stel nie baie daarin belang nie. DM gee wel vir my wat ek wil hê. 'n Studentekoerant behoort vir jou te sê wat op kampus aangaan en wat mense se opinies is, oor goed wat op daardie stadium van belang is. DM voldoen redelik daaraan.

**Ronel Nel**

Ek lees eerste die redaksioneel, dan kyk ek na Adrian Louw se spotprent om agter te kom wat die aktuele aangeleentheid op die oomblik is. Die rol van DM behoort te wees om in te lig oor 'n verskeidenheid van kampus menings. Ek dink nie daar is te veel politiek nie; die realiteit van die dag is politiek. As die student homself wil voorberei vir die lewe moet hy tog bewus wees van wat aangaan. Om jouself te wil afsluit en eendag baie verbaas te wees as jy doodgeskiet word, is absoluut jou eie saak.



R. NEL



J. WARNICH

**Johann Warnich**

DM se rol is om nuus oor te dra van dit wat op kampus gebeur. Ek dink hy dra sekere dele, veral die nuus, goed oor. Ongelukkig is hy baie polities ingestel. Enige iets wat oor politiek gaan, kom gou in DM. Sy redaksie is redelik verlig na links, stel dit so. Ek lees politiek en sport die graagste. Politiek is belangrik, maar ek dink dit word bietjie oordoen.

**Lanie Labuschagne**

DM lig 'n mens meer in van wat hier aangaan en wat gebeur. Ek lees graag alles in die koerant, behalwe sport. Ek dink nie dat DM se redaksie te links is of dat hulle te veel politiek dek nie. Dis lekker, dit moet politiek hê sodat 'n mens kan weet wat aangaan.

Matie Kuns

# Pascal terug op Stellenbosch


DANIÉLE PASCAL

DANIÉLE PASCAL, bekende Frans-Kanadese kabaretster, keer vroeg in September – ná 'n triomfantlike landswye konserttoer van sowat drie maande – vir drie konserte na Somerset-Wes en Stellenbosch terug.

Sy sing op 4 September in die stadsaal van Somerset-Wes en op 5 en 6 September in die Sanlamsaal in die Langenhoven-studentesentrum. Die uitvoerings begin om agtuur en die kaartjies kos R15 vir Somerset-Wes en R12 vir Stellenbosch (La Gratitude en Chateau Libertas-wyn en verversings ingesluit).

Gemeet aan kritici se liriese resensies en gehore se ekstase ná haar uitvoerings, was Daniéle Pascal se toer voorwaar triomfantlik.

Die aanvallige me. Pascal is ná 'n konsertoptrede in die Kelder by die Naltalse amfiteater sowat vyf minute lank deur konsertgangers toegejuig, en volgens resensente het sy dié lof voorwaar verdien.

Carl Coleman skryf in The Daily News dat Pascal se vertolking van Piaf, Becaud en Brel in die Kelder waarskynlik moeilik oortref gaan word.

Die resensent J.M. skryf in Die Volksblad ná Pascal se vertoning in die Bloemfontein Sun: "Op my het Daniéle Pascal 'n blywende indruk gemaak. Nooit het ek kon droom dat een kunstenaar sonder enige foefies en truuks soveel met 'n gehoor in een aand kon deel nie...toe alles verby was, was dit haar vermoë om te deel en haar vertolkingsvermoë eerder as die liedjies self wat saam met jou daar uit is en wat nog lank by my sal bly."

Besprekings vir die konsert in Stellenbosch kan by Computicket gedoen word en vir die Somerset-Wes-konsert by Le Roux Burrows (024-23083).

# Oscar Kokoschka

## – Lithography at its best.

"KOKOSCHKA IN LINE", an exhibition currently running at the University Art Gallery, is divided into two parts: the first is a series of lithographs illustrating extracts from Shakespeare's *King Lear* and the second, a selection from the Marrakesch Portfolio with a slight eastern feeling.

The *King Lear* series, the more impressive of the two, illustrates clearly Kokoschka's talent for the creation of an utterly convincing and life-like scene with minimal use of description or detail. The title of the exhibition,"Kokoschka in line" is a fitting one. In examples such as Lithograph No. 5, the medieval school of thought and base human character of the beggar are accurately revealed through a few jerky lines.

The works are an original and exciting match for the text which follows the lay from beginning to end. Of special merit is the last work in the series, in which Cordelia dies in Lear's arms – here, Kokoschka's abstact interpretation of the prose reveals his love of portraiture.

In the second collection there is even less use of detail, many of the sketches consisting simply of a few accurately placed lines running over each other, resulting in an convincing and well-observed image.

The subject matter consists primarily of animals (horses and camels) and figures in varied surroundings, mostly Arabian. "At the Bath House" and "Camel Mark 1 and 2" are especially beautiful.

Do not miss the last exhibit - "Hirtenhund", which captures the street hound in a melancholic and expessionistic way.


Throughout the exhibition, Kokoschka's sensitivity to the inner qualities of man and nature and his power to express this, is apparant. His quote, "My fame as an artist was won through my work . . ." is a truly apt one.


Self Portrait with crayon. Lithograph by Oscar Kokoschka, 1914.

LISA MARRINER

THEATRE REVIEW

# The Bijers sunbird


Sean Taylor gives a bravura performance in *The Bijers Sunbird,* Robert Kirby's new play which is set in a prison cell.

**The Bijers Sunbird.** written and directed by Robert Kirby. With Sean Taylor and Jon Maytham. At the UCT Little Theatre, Orange Street.

IT is quite ironic that the indigenous theatre boom currently sweeping this country has been brought about by the horrors and outrages perpetrated by the apartheid regime.

This new play by Robert Kirby is the latest addition to a massive body of plays which have emerged during the past few years and in which the effects of the evil apartheid empire on the ordinary citizen is gauged.

The play depicts the interaction between detainees in two adjoining cells in John Vorster Square. Adam Bijers is a hard-line activist whose entire family was murdered by the security forces during a raid on Mozambique. He gets the chance to vent his anger and bitterness when Nicolás Coates, a mild liberal, is detained for questioning and gets thrown into the next cell. The close confines of the "cells"on stage inhibits stage movement and the director has wisely exploited this situation by placing the directorial emphasis on characterization, a ploy which pays off handsomely.

The acting is out of this world: Sean Taylor, an actor who has always struck me as being rather self-conscious and awkward, wrenches a performance from the tight writing that makes the blood curdle. His Adam is sensitive, intelligent, poetic, forming the perfect antithesis to Jon Maytham's Nicholas.

Such a pity then that the play says nothing new. While Kirby is certainly justified in his attack on the excessive behaviour of those in charge of the security forces, he is left standing like Aunt Sally without anything fresh to throw at them. Maybe a different angle would have achieved this end. Having said that, the play can be recommended for the high quality of its acting and writing. So Robert, Sean and Jon: chin up chaps, snap out of it (God these people really make me feel like Baden-Powell) – this production is nothing to be ashamed of.

Well, not very.

MARINUS VON RAVENSTEIN

# Skildery verdwyn geheimsinnig

'n SKILDERY van 'n vierdejaar kunsstudent, mnr. Marc Coetzee, het onlangs uit die voorportaal van die kunsfakulteit verdwyn.

Die skildery maak deel uit van n groep skilderye waarvolgens hy vir finale eksamendoeleindes geëvalueer sal word.

Die personeel van die kunsfakulteit hoop dat die skildery slegs "geleen" is. Hulle vertrou dat dit terugbesorg sal word sodat dit nie nodig sal wees om 'n saak aanhangig te maak nie.

# Digtersprys aan Irene-inwoner

PETRA CILLIÉ ontvang op 30 September die 1986 Poortprys vir haar gedig "Fetus in 'n Fles". Die prys, wat jaarliks aan belowende jong digters toegeken word, is 'n besondere prestasie vir hierdie jong student.

Petra verduidelik dat die prys as 'n volslae verrassing kom. Toe sy die gedig twee jaar gelede in haar matriekjaar geskryf het, is dit met die Junior Rapportryersprys bekroon. Sy beskryf die Poort-toekenning as 'n groot eer, maar hoop dat die hoë verwagtinge wat nou van haar debuutbundel gekoester word, nie negatiewe kreatiewe resultate sal meebring nie.

Petra is 'n tweedejaarstudent in die regte. Sy put haar inspirasie uit haar omgewing en ervaringsveld. Haar digkuns is geensins beïnvloed deur ander digters nie, en sy hoop om later ander genres aan te pak.

Stellenbosch het 'n trotse digterstradisie en daar sal hopelik nog baie van hierdie jong digter gehoor word.

THEO ERASMUS

## Fetus in 'n fles

Jy slaap in jou beskutte
dop
van glas,
dom suig die naelstring
aan die blink rand vas.
Met knieë opgetrek sit jy
en wag,
vir haar hart se bekende
ritmiese
slag
en met jou blomkooloor
gedruk
teen die ruit,
luister jy vir die long
se vreedsame fluit;
Maar die trommelvlies
bly roerloos
hang,
'n stil gordyn wat geen
klank
vang.

PETRA CILLIÉ

Die Matie Karnaval t-hempie vir 1986 het die nasionale Karnaval t-hemp kompetisie gewen. Baie geluk aan Tania Durr en Robyn Arnold met hul ontwerp!



Matie Art

MOVIE REVIEW

# A skew view

**A Room With a View, directed by James Ivory. Starring Maggie Smith and Denholm Elliott.**

JAMES IVORY's *A Room With a View*, has been hailed by various critics as "a triumph" and "as near to perfection as it is possible to conceive".

I would not put it quite so strongly myself. Something was wrong with the movie, but I cannot quite place my finger on the fault. It may merely have been my inability to appreciate a two and a half-hour long "Comedy of Errors". I know, however, that nine out of ten people will vehemently disagree with my opinion that anything was wrong with the film. (If you are one of the nine people, you had better stop reading now.)

To a certain extent, I would agree with the disagreements. The cinematography was stunning – each shot was perfectly planned for maximum impact. The script was at times deliciously funny and the various subtitles detailing events were brilliantly chosen.

I think my problem with the movie was the acting, which was wonderful to adequate. The



George Emerson (Julian Sands) and his father (Denholm Elliot) take an excursion to Fiesole in *A Room with a View.*

film is based on E.M. Forster's novel of the same name and centers on a certain Miss Lucy Honeychurch – a properly brought-up English rose who, underneath it all, conceals a certain spunky rebelliousness.

Miss Lucy goes to Florence to see the world, accompanied by an even better brought-up maiden aunt, Charlotte. In Florence, dreamy city that it is, romance strikes our heroine in the figure of a sadly off-beat young Brit, George Emerson. True love never triumphs straight away and so our heroine heads back home, where she becomes the beloved fiancée of a suitably prissy gentleman with the ironic name of Vyse (pronounced with an "i"). However, all's well that ends well and the movie ends with a honeymoon and wedding bells.

Now that you are familiar with the story, I will get back to the acting. All of the cameo performances were good – some were superb. Maggie Smith as Charlotte and Simon Callow as the benevolent priest were wonderful, as were Fabia Drake and Joan Henley as two old maids with itchy-feet. George (Julian Sands) gives a good performance and he's very nice-looking into the bargain. So what, you may be asking, is my problem?

I suppose it all boils down to our sweet heroine. Helena Bonham-Carter has a suitably hot-potato name, a pretty, doll-like face and gorgeous hair, but she really cannot act. Her proper, Victorian-miss act is slightly too proper for my liking. The fault there could just lie in my being "a liberated twentieth century female person". Yes, the problem probably boils down to Miss vs. Ms.

Go and see the movie though. It is sure to win a couple of Oscars.

DORRIEH ELAHI

# Musicultus vir almal

MUSICULTUS is 'n vereniging wat eindelose moontlikhede aan musiekliefhebbers bied. Volgens me. Tania Beytell, tans voorsitter van die vereniging, bied Musicultus ruimte aan elke individu om homself ten volle in die wonderwêreld van musiek uit te leef.

As geregistreerde fakulteitsvereniging sien Musicultus na die behoeftes van konservatoriumstudente om. Dit beteken egter nie dat ander studente uitgesluit word nie. Die gevarieerde aktiwiteite bied iets vir almal. Ander studente is dus welkom om deel te hê aan gebeure in en om die konservatorium.

Daar word gereeld uitstappies na die Nico Malanteater en die Kaapstadse Stadsaal gereël om konserte by te woon. Die etensuurkonserte op Donderdae en die Sondagaandkonserte in die Endlersaal word ook deur Musicultus gereël.

Hier kry studente gereeld die kans om hul kreatiwiteit uit te leef. Die jaarlikse komposisie-aand is 'n prestigegeleentheid.

Musicultus skakel ook dikwels met ander verenigings. Die "Karnivoor"-aand in samewerking met die Afrikaanse Studiekring vroeër vanjaar is 'n voorbeeld hiervan. Die Musicultusbestuur word ook gereeld deur ander instansies genader om raad oor konsertreëlings en die werwing van kunstenaars. Hierdie tipe wisselwerking word verwelkom en Musicultus help graag met sulke geleenthede. Dit is nie net klassieke musiek wat aandag geniet nie, maar vir die aanhangers van ligte musiek is dinge soos die jazz-aande, kabaret en straatteater geleenthede om nie mis te loop nie.

Musicultuslede kwalifiseer vir gratis vervoer op uitstappies, afslag op alle konserte deur die Konservatorium gereël, asook toegang tot al die vereniging se sosiale geleenthede. Dit staan enige student vry om as lid in te skryf en deel te hê aan die musisering wat daarmee gepaard gaan.

Die volgende konsert op Musicultus se agenda is 'n Barokaand op Sondag 7 September. Dit sal die vorm van 'n kamermusiekaand aanneem, en daar sal dus geen solowerke uitgevoer word nie. Alta Jacobs (sopraan) Tania Beytell (blokfluit) en Pieter van Zyl (klavier) is van die kunstenaars wat sal optree. Werke van G.F. Telemann, G. Sammartini en G. Händel sal uitgevoer word.

Dit is skokkend hoeveel studente nog nooit eens van die Endlersaal gehoor het nie. Die Stellenbosse Konservatorium word as een van die mees gesofistikeerde geboue in sy soort in die wêreld beskou. Dit is net jammer dat sommige mense onder die wanindruk verkeer dat die beoefening van musiek slegs vir 'n paar mense beskore is.

Musicultus stel homself dit ten doel om in musiekbehoeftes te voorsien en enige voorstelle, raad of kritiek word verwelkom.

ERIKA JACOBS

RECORD REVIEW

# Genesis' Magic Touch

**Genesis: Invisible Touch.**

WHERE have Genesis been recently? Since various members of the band split up to do solo albums and form bands of their own (think of *No Jacket Required* and the big success of *Mike and the Mechanics*), the name Genesis has faded somewhat from the memory of the general public. But they've got together to refresh our memories with this album, albeit without Peter Gabriel and have proved their mettle once more.



PHIL COLLINS of Genesis

Phil Collins on drums, vocals and percussion - but especially vocals - definitely dominates the album, but he couldn't have done it without the combined talent of Tony Banks (keyboards, synth bass), Mike Rutherford (guitar, bass) and Hugh Padham, producer and engineer.

The big hit of the L.P. is of course, the title track *Invisible Touch.* It has an amazing dance rhythm as well as a catchy tune and a good storyline and has been very successful as a single; among other achievements it reached second place on the Radio Matie charts last week.

There are other tracks which also have chart-busting potential. A very strong contender is *Anything She Does*, a powerful lament about a media-created superstar who is meant only to be admired by the masses and who remains well out of reach of the ordinary man.

The other tracks vary between social criticism (but not without any glimmer of hope) as in *Land of Confusion* or *Domino* and laid-back, desperate, romantic longing, eg.*Tonight, Tonight, Tonight* and *In Too Deep.* The last track, *Brazilian* is instrumental but with a difference.

The sound of the L.P. as a whole is typical Genesis, ie. icy cool sounds that send shivers down your spine, combined with arresting rhythms and mostly very meaningful lyrics.

This is definitely an album which can be listened to time and time again without any threat of boredom setting in, therefore an album well worth acquiring.

LINDA BORCHERDS

# KUNS kalender

## MUSIEK

### Donderdag 4 September


**Etensuurkonserte** word deur studente van die Konservatorium gehou en vind om 13h15 elke Donderdag in die **Endlersaal** plaas. Toegang gratis.

### Vrydag 5 September

Die jaarlikse optrede in die **Endlersaal** deur musiekstudente van die **Universiteit van Kaapstad** vind om 20h00 op Vrydag 5 September plaas wanneer 'n gevarieerde program van solo- en ensemble-items aangebied word. Ongereserveerde sitplekke teen R1 is vanaf 19h30 op die aand van die uitvoering by die saal verkrygbaar.

### Saterdag 6 September

Kruik se produksie van **Der Rosenkavalier** word in die **Nico Malan Operahuis** aangebied. Resensente beskryf hierdie eerste Suid-Afrikaanse produksie van die beroemde Weense opera as "'n opvoering van wêreldformaat - 'n onvergeetlike ervaring". Gedurende die pouse van 45 minute sal verversings in die foyer te koop wees, of neem 'n piekniekmandjie saam.



### Sondag 7 September

'n **Aand van Barokmusiek** aangebied deur **Musicultus**. In die **Endlersaal** om 20h15. Toegang R1.

### Maandag 15 September

Die US **Simfonie-orkes** onder leiding van Eric Rycroft gee 'n uitvoering van 'n **Tsjaikowski-program** bestaande uit die "Slapende Skone"-suite, overture-fantasie "Romeo en Julia" en die Vioolkonsert in D met solis Pieter Schoeman. Kaartjies teen R3 by Computicket verkrygbaar. .

## FILM

### Friday 5 September

Rob Lowe, the biggest nothing ever to become a Hollywood brat, stars in **About Last Night** along with Demi Moore, who will be remembered in these parts as the crazy drug addict in *St. Elmo's Fire*. See it if you must, but don't expect too much as the film has been panned by the critics. **Cine 1.**

Americans have never been known for the subtlety of their humour, but that doesn't stop them from making a quick buck out of the gullible moviegoing public. **Off Beat** is one of those excuses one sometimes uses for sitting in a dark cinema eating popcorn and holding your stukkie's hand. If your wallet is too heavy for your liking and you aren't fussy when it comes to your visual stimulation, then this "screwball comedy" - whatever that may mean - is for you. **Cine 2.**

### Monday 8 September

The Film Society will be screening **The Brutalisation of Franz Blum** in Room 230 of the **B.J. Vorster building**. It is described as a gripping prison drama, devoid of social romance or sympathy. Starring Jurgen Prochnow and Eike Gallwitz, the film was directed by Reinhard Hauff.



**The Christians** word elke Maandag om 18h00 in kamer 230 van die **B.J. Vorstergebou** vertoon. Moenie die volgende episode misloop nie. Toegang is gratis en almal is welkom.

### Monday 15 September

**Le Samourai (The Godson)** is to be screened in room 230 of the **B.J. Vorster building**. The film is described as a French melodrama about the life and death of a hired killer, whose code of honour is as rigid, romantic and absurd as that of the Bushido of Japan. The starting time is 19h00 and everyone is welcome.

## DRAMA

### Friday 5 September

**Thina Bantu - We People**, a new workshop production by Mavis Taylor, opens at the **UCT Little Theatre**, Orange Street, Cape Town. Booking: Computicket.

## ALLERLEI

### Maandag 15 September

Casper de Vries en Johann Brink bied 'n modeparade met 'n verskil in die **H.B. Thomteater** aan. Crimplenerokkies, bell-bottom jeans en nuwe modeskeppings sal vertoon word. Wyn word vanaf 18h30 bedien en die vertoning begin om 19h30. Kaartjies kan by Dorpstraat 47 gekoop word.

## KUNS



### Thursday 4 September

The **Weekly Mail Photographic Exhibition**, at **The Gallery** (Michaelis School of Fine Art, Orange Street, Cape Town), is well worth a visit. The exhibition closes on 28 August.

## matie munch

By HEATHER MOORE

TWO restaurants in Stellenbosch which cater for the health-conscious are the Evergreen Restaurant (Sanlam Building, Plein Street) and the Snoepie Health Kitchen (Van Ryneveld Street).

Evergreen is a restaurant as well as a confectionery shop. It caters for health nuts, slimmers, and vegetarians.

The menu consists of sandwiches with various interesting fillings, and wholewheat rolls. Avocado and salad, sprouts and blue-veined cheese are just a few of the fillings that will tempt your palate.

The restaurant also serves light meals. These include a thick vegetable soup which can be accompanied by bread or rolls. Vegetable pies with a bread type crust are served with salad, vegetables as well as pizzas.

There are five main dishes on the menu. These are vegetarian and are made with soya beans instead

### Evergreen Restaurant and Snoepie Health Kitchen

of meat. The dishes are: a spinach and herb quiche, chop suey, lasagne, shepherd's pie and a cheese platter.

The salads and desserts make up the rest of the menu. These are also strictly vegetarian, with the exeption of the tuna-fish salad. The yogurt ice-cream is refreshingly different.

There are various cakes and buns which can also be taken away. Examples are carrot and nut cake, apple and almond cake, chelsea buns and various biscuits.

The beverages consist of fruit juices, milk-shakes, and various types of teas and coffees.

The decor is simple, but very cheerful, and the restaurant has a quiet and relaxed atmosphere. The prices are reasonable if the time and effort needed to prepare the dishes are considered. The only complaint is that the portions are rather small. The service is friendly, fast and not imposing.

So for a very different meal which at the same time is good for you, try Evergreen.

The Snoepie Health Kitchen is the other health restaurant. This restaurant is well-known for its delicious take-away sandwiches with avocado, asparagus or bean sprout fillings. It also offers catering services.

The Snoepie offers various salads and light meals, among which are toasted sandwiches, pizzas and soups. Tarts, biscuits and ice-cream are also on the menu.

If you feel like something different or if you are watching your weight, give health food a go.

# Agter die Mej. SA skerms: Marie-Louise vertel

**Marie-Louise le Roux, 'n Huishoudkunde-student, het vanjaar derde gekom in die Mej. Suid-Afrika-kompetisie. Sy het aan Die Matie haar ondervindinge as finalis beskryf.**

TOE fotograaf Bernard Jordaan van Rapport my vra om aan die Mej. Suid-Afrika-kompetisie deel te neem, het ek vanweë my nuuskierigheid om te sien wat agter die skerms aangaan, my laat ompraat. Ons was 12 finaliste en ons is vir twee weke na Johannesburg waar ons in die Sandton Holiday Inn tuisgegaan het.

Met ons aankoms in Johannesburg is ons deur streng sekuriteit bewaak. Flitsende kameras het ons elke beweging noukeurig gevolg. Andrea Stelzer, Mej. SA 1985, het ons elk met 'n tropiese drankie verwelkom.

Tyd vir uitpak was daar nie. Ons is dadelik byeengeroep en die leviete voorgelees. Programme is uitgedeel en daarvolgens het ons geen rede gehad om laat te wees vir geleenthede nie. Stiptelikheid was die wagwoord.

Die eerste aand het ons 'n skemerkelkpartytjie bygewoon waar ons die Mej. SA-komitee ontmoet het. Elfuur die aand is ons vir die eerste keer na ons kamers waar ons uitgepak het. Dit moes vinnig geskied, want die volgende oggend moes 'n paar van ons 'n radiostasie gaan besoek – en ek was ook een van die ongelukkiges wat halfses moes opstaan. Dit was dan ook die opstaantyd vir die daaropvolgende twee weke.

Twee chaperones het die tydjie maar moeilik gemaak vir ons – kwaai was hulle beslis. Elke oggend is begin deur 'n verpligte ontbyt – ons het glo krag vir die dag nodig gehad. Tyd vir middagete was maar min en die meeste van die tyd was dit in die vorm van kospakkies.

Elke middag het ons in 'n gimnasium geoefen, asook geoefen vir die groot aand. Dit was baie uitputtend. Saans het ons as eregaste opgetree by verskeie geleenthede. Toesprake was aan die orde van die dag en televisiekameras het gedurig geflits.

Ons het die voorreg gehad om verskeie plekke te besoek soos die SAL, die Pretoria-dieretuin, die SAUK, 'n safariplaas, Gold Reef City en die Johannesburgse Effektebeurs. Ons het ook die burgemeester van Johannesburg ontmoet. Die besoek aan die SAL was baie opwindend – hulle het vir ons die oudste vliegtuig in Suid-Afrika gewys en foto's is in die propeller van die vliegtuig geneem.

By die Pretoria-dieretuin moes ons poseer langs 'n luislang. Ons het in kabelkarretjies oor die dieretuin gery en hoewel ek aan hoogtevrees ly, moes ek poseer terwyl die televisiekameraman uit die karretjie leun om ons af te neem. Met die terugkomslag het die ding nog in die middel gestop met vier van ons in die karretjie. Die opnames het dieselfde aand nog op Prime Time verskyn.

Toe die beoordeling plaasvind, was ons almal baie senuagtig. Ons moes een vir een voor die beoordeelaars verskyn en algemene kennis vrae beantwoord.

Die kroningsaand was baie opwindend en ek was heeltemal onkant betrap toe ek as tweede prinses aangewys is.

Baie mense het gesê ek sou verander na die kompetisie, maar ek wou juis die teendeel bewys. Alhoewel ons baie bevoorreg was en dinge gesien het wat die alledaagse mens nie maklik te sien kry nie, is dit vir my lekker om weer terug te wees op Stellenbosch en net maar 'n gewone student te wees.

## Lemaryn – nasionale titel

ME. MATIELAND, Lemaryn Louw (23), is onlangs gekies as Nasionale Joolpersoonlikheid by 'n konferensie op Mpekweni in die Ciskei. Verteenwoordigers van 12 universiteite het die konferensie bygewoon.

As Nasionale Joolpersoonlikheid is Lemaryn ook openbare skakelbeampte van die Nasionale Joolkomitee. Sy is tans 'n derdejaar bedryfsielkunde-student.

## De Balke to reopen

THE Wine Route Hotel's student bar, "De Balke", has been renovated and will reopen to the public tomorrow night.

It has a dance floor and the manager of the bar, Mr Sakkie Niewoudt, foresees local bands performing there in the near future.

For those who prefer quieter surroundings, there is a verandah outside with a pleasant view. The bar also offers hamburgers, hot-dogs and potato chips.

De Balke will be open Mondays to Sundays from 6pm. There is no entrance fee.

The Wine Route Hotel is located not far from Stellenbosch on the road to Paarl.



Photo: DEON SONNEKUS

The manager of De Balke student bar, Mr Sakkie Niewoudt, behind the counter of the bar which reopens tomorrow night.

## Me. Huisdans gesoek

'n ME. HUISDANS gaan voortaan jaarliks deur Studio 7 ('n bekende foto-ateljee op Stellenbosch) aangewys word. By elke huisdans waar Studio 7 foto's neem sal die bekende Stellenbosse sanger, Randall Wicomb, die mees spontane en vriendelike meisie as finalis kies. Sy sal dan aan die einde van die jaar in aanmerking kom vir die titel. Van elke finalis word 'n kleurvergroting gemaak wat sy as geskenk ontvang. Volgens mnr. Johan Stander, eienaar van Studio 7, wag groot pryse op die uiteindelike wenner.

## STELMONT 4

**DIT spyt die borge om die lesers mee te deel dat Stelmont 4 nie hierdie week verskyn nie, omdat die karakters glo dat die uitslag van die pas afgelope SR-verkiesing niks is om oor te lag nie!**




THINUS HATTINGH
QUARTA W/S - 4
(OORKANT DAGBREEK OP DIE HOEK)
STELLENBOSCH
TEL 02231 - 72492

TONY SWART
TEL. 70661 (NA 6)
OF RADIOMATIE
NOTABORD VIR B/SKAPPE

DEON DE WET
TEL. 74310
HOF LOUISE No. 8
BANHOEKWEG, STELLENBOSCH

HEIN SCHAAF
TEL. 75840
NEETHLING STR. 3
STELLENBOSCH


SEPTEMBER VAKANSIE

## radio matie top 20

1 – 5 September



| | Verlede Week | | |
|---|---|---|---|
| 1. | 1. | Chris de Burgh | Lady in Red |
| 2. | 9. | Peter Gabriel | Don't give up |
| 3. | 5. | Level 42 | Lessons in love |
| 4. | 10. | Lionel Richie | Dancing on the ceiling |
| 5. | 6. | OMD | If you leave |
| 6. | — | Chris Norman | Midnight Lady |
| 7. | 14. | Falco | Vienna Calling |
| 8. | — | ELO | So serious |
| 9. | — | Double | Woman of the world |
| 10. | 8. | J.M. Jarre | Fourth Rendezvous |
| 11. | — | Blow Monkeys | Digging your scene |
| 12. | 19. | Sandra | Little Girl |
| 13. | — | Kenny Loggins | Danger zone |
| 14. | — | ELO | Calling America |
| 15. | 12. | Wham | Edge of heaven |
| 16. | 17. | Lionel Richie | Deep river woman |
| 17. | 18. | Mr Mister | Kyrie |
| 18. | 11. | Bangles | If she knew what she wants |
| 19. | — | Jennifer Rush | If you're ever gonna lose my love |
| 20. | — | Two of us | Blue night shadow |



Een is net so goed as twee. Ilse van Niekerk maak hier gebruik van 'n harnas en die ervaring én valskerm van Veit Wiswesser.

VALSKERMSPRING

# Sprong sonder valskerm

Deur GIDEON ENGELBRECHT

GESKIEDENIS is gemaak toe 'n lid van die US valskermklub, me. Ilse van Niekerk, 'n vryvalsprong sonder haar eie valskerm uitgevoer het.

'n Soortgelyke sprong is in 1983 by Citrusdal gedoen, wat op daardie stadium die eerste van sy soort in Suid-Afrika was. Intussen is die metode deur die Wonderboom-valskermklub by Pretoria in gebruik geneem. Me. van Niekerk, wat in Lydia woon, was dus die tweede persoon om so 'n sprong in die Kaapprovinsie uit te voer.

Hierdie tegniek, wat op Saterdag 14 Junie 1986 gebruik is, het behels dat sy saam met 'n ervare valskermspringer, aan wie sy met behulp van 'n harnas vasgemaak is, 'n vryvalsprong uitvoer. Sy het het 'n valskerm met mnr. Veit Wiswesser gedeel, wat na 'n vryval van sowat 5 000 voet oopgemaak is.

Me. van Niekerk kon nie uitgepraat raak oor hierdie unieke ervaring nie. Sy vertel self verder:

"Díe dag het ek saam met 'n paar vriende gaan kyk hoe hulle valskerm spring. Ek wou al ook maar kon nog nooit genoeg moed bymekaar skraap nie. 'n Paar van die ouens begin toe praat van die Belg wat 'n tandemvalskerm het en hulle maak grappe in die lyn van: 'Ilse is jy nie lus om . . .' en na 'n ruk verander die grap in ietwat minder van 'n grap.

"Ons is op met die vliegtuigie – 'n fantastiese uitsig oor Stellenbosch en omgewing. Nadat ons 'n hoogte van 10 000 voet bereik het, is ek aan die ander springer vasgemaak. Hierna het ons saam uitgeklim terwyl ons nog aan die vliegtuig vasgeklou het. Toe trek my arms en bene in en hang ek soos 'n apie aan sy ma. Dit was die snaakste gevoel om nêrens vas te hou nie – letterlik tussen hemel en aarde te hang en nie 'n sentimeter te beweeg nie. En daar duik ons toe deur die lug!

"Ek moet erken my broek het gebewe tydens die val, maar toe die valskerm eers oopgegaan het, was dit fantasties."

Indien u by hierdie sport betrokke wil raak, kontak:

Jean Rossouw, Helshoogte A809 (Tel: 71312); Dawie Scheepers, East Lynn 25 (Tel: 74637); Koos Pretorius, Die Laan 32 (Tel: 73781).

HOKKIE

# Eendrag en DB voor

DAGBREEK en Eendrag is tans die voorlopers in die A-afdeling van die mans-koshuishokkie.

Eendrag, wat die wenners was in die eerste semester, het na 4 goeie oorwinnings hulle mees onlangse wedstryde teen Dagbreek en PSO verloor.

Hul kaptein, Johann Coetzee, skryf die terugslag daaraan toe dat hulle sleutelspelers verloor het wat nou vir die klub se tweede span speel en dus nie aan die koshuis-liga kan deelneem nie. Hoewel Dagbreek baie goed gespeel het, moes Eendrag sonder vier sleutelspelers klaarkom.

Dagbreek het hierdie semester vier wedstryde gespeel en het nog net teen Paul Roos verloor. Die kaptein, Wiehan Geldenhuys, meen dat as die geluk aan hulle kant is, hulle die liga sal kan wen.

Wilgenhof se B-span loop in die tweede liga voor. Die koshuishokkie word volgende week afgesluit. Die Willem Dempsey-toernooi vir manskoshuise vind op Saterdag 6 September plaas.

GIMASTIEK

# Ses Maties in WP-span

AL ses Stellenbosch gimnast wat aan die WP senior kampioenskappe op 23 Augustus deelgeneem het, is vir die WP-span gekies.

Corné Jarnard (tweede graad vroue), Robin Basson en Chris Delpierre (eerstegraad mans), Pea Blaauw (derdegraad mans), Albert Lombaard en Charles Standing (vierdegraad mans) is vir die span gekies, wat op Vrydag 5 September aan die Nasionale Senior-kampioenskappe in Durban deelneem.

Robin Basson het sy enkel in die vloeroefeninge beseer en kon nie met die kompetisie voortgaan nie. Die ander gimnaste het almal medaljes verower.

SPORTPROFIEL

# Schalk speel beste tennis van lewe

Deur NIKKI BRYNARD

OM so veel moontlik, so goed moontlik en so lank as moontlik te kan tennis speel is, behalwe om dokter te word, wat Schalk van der Merwe vir die toekoms beplan.

Hy gaan hom veral op Suid-Afrikaanse toernooie toelê.

Dit sal beslis die plaaslike mededinging aanwakker. Gerrie Berner, sy tennis afrigter sedert juniorvlak, meen Schalk speel nou die beste en mees volwasse tennis van sy loopbaan.

Die Bolander se belangstelling in tennis het al op die ouderdom van vyf begin. Sy ma was 'n kranige speler en sy het hom dikwels saam klub toe geneem, waar hy op sy manier teen die muur "vir Wimbledon" begin oefen het. Hy is nooit deur sy ouers gedruk om te presteer nie, hoewel hy sê hulle het hom baie in sy tennisloopbaan ondersteun.

Na skool het hy eers sy diensplig voltooi en daarna vir twee jaar in Amerika tennis gespeel. Hoewel hy nie spelers soos Johan Kriek veroordeel nie, omdat hulle volgens hom goeie redes het, meen hy dit is onnodig om diensplig ter wille van sport te ontduik.

Hy voel die Weermag sorg goed vir hul sportmanne. Hulle kry goeie afrigting en daar word genoeg voorsiening gemaak om aan toernooie deel te neem.

Hy het dit baie geniet om oorsee deel te wees van die professionele "circuit". Daar



Schalk van der Merwe

word vreeslik baie toernooie gespeel en daar is 'n wye keuse waar 'n speler self kan besluit waaraan hy wil deelneem.

Schalk sê die beeld van SA soos dit oorsee waargeneem word, kan 'n mens negatief beïnvloed en het hy dit soms oorweeg om nie terug te keer nie.

Op die "circuit" het Schalk tot bekering gekom en dit het hom laat besluit om teologie te studeer.

In sy eerste jaar het hy by Tukkies studeer. Maar 'nliefde in die Kaap het hom na Stellenbosch gelok. Selfs die feit dat hy van sy vakke nie hier erken kon kry nie, kon hom nie weg hou nie.

Hy is nou 'n derdejaar admissie student, maar wil volgende jaar na medies oorskakel.

Dit is sy grootste ambisie om 'n dokter te word. Hy wou nog altyd 'n dokter wees en is nou seker dat hy nie predikant moet word nie.

Hy verkies enkels bo dubbels, omdat tennis 'n individuele sport is. "Jy bepaal of jy gaan wen of nie, terwyl jy in dubbels jou maat in ag moet neem," sê hy. Vroeër het hy gereeld met Freddie Sauer dubbels gespeel.

Schalk het nie spesifieke tennishelde nie, maar hy bewonder die spel van Björn Borg.

Met verwysing na die polemiek rondom sy gelyktydige insluiting in die WP en Boland spanne, sê hy dat dit 'n tegniese saak is. Hy glo nie die spelers moet betrek word om te kies vir wie hulle wil speel nie. Hy het hom egter onttrek, omdat dit slegs 'n vriendskaplike wedstryd tussen WP en Boland sou wees.

Hy het dit ook vanweë sy akademie gedoen, omdat hy die afgelope tyd so 'n druk program gehad het. Vir hom maak dit nie saak vir wie hy speel nie, en hy vertrou dat die klubs konsensus sal bereik.

Schalk voel sport beïnvloed sy akademie ten goede, want die vars buitelug en oefening stimuleer sy brein. Hy beplan sy tennisprogram versigtig en probeer om aan toernooie deel te neem wat nie met toetsreekse bots nie.

KORTSPORT

# Touchie-toernooi

OU manne kon Saterdag op kampus baljaar. Die Helderberg West Coast Cooler Touch Toernooi sou bepaal watter manskoshuis se HK vanjaar koning kraai.

Dagbreek en Oude Molen het in 'n spannende eindstryd teen mekaar te staan gekom.

Al die manskoshuise behalwe Pieke, Hombré en Majuba het deel geneem aan hierdie groot en belangrike dag. Die spanne het elk drie wedstryde gespeel in 'n rondomtaliereeks.

Eers in ekstra tyd van die eindstryd het Dagbreek daarin geslaag om deur die verdediging van die Oudstes te breek. Hulle het die wedstryd gevolglik met drie doele teenoor twee gewen.

## Muurbal

Deur HENRIËTTE GELDENHUYS

SOSIALE muurbal kelder die Universiteit se muurbalklub, wat uit bykans 1 700 lede bestaan, se pogings om enige indruk in die WP-liga te maak.

Ondanks die feit dat die klub die grootste ledetal van alle klubs op Stellenbosch het, speel die meeste lede slegs sosiale muurbal en is daar min wat bereid is om vir die klub te speel.

Vier spanne neem aan die mansliga van die WP-kompetisie deel. Daar word in die eerste-liga, reserwe-liga, twee C-liga en die vier A-liga gespeel. Hoewel die kompetisie vanjaar baie straf is en die spelers gemengde welslae behaal, handhaaf hulle 'n goeie gemiddelde prestasie. Van die ligaspanne vaar die reserwe en twee C-liga die beste in hulle onderskeie afdelings.

Die SAU muurbalweek het tydens die wintervakansie by RAU plaasgevind.

Kim Faclier het derde in die individuele kompetisie geëindig en is ook opgeneem in die Protea SAU-span. Me. Faclier het ook onlangs die WP o.21-titel ingepalm.

Die muurbalklub rig 'n spesiale woord van dank aan die twee baanopsigters, Phillip en David, wat hul met onderskeiding van hul taak kwyt.

● 'n PRESTIGE muurbal-toernooi vir alle vrouekoshuise word deur Helderberg by die Helderberg-muurbalbane vanaf 2 tot 12 September aangebied.

Die toernooi word geborg deur Edgars in Stellenbosch en Twee spelers van elke koshuis kan daaraan deelneem. Edgars van Stellenbosch borg die toernooi.

'n Hele aantal pryse kan gewen word. Edgars sal 'n afslagprys van 20 persent aan alle deelnemers skenk. Die wenner sal 'n R 100-geskenkbewys van Edgars ontvang. Juweliersware van Silver Pebbles sal aan die naaswenner oorhandig word.

Die derde en vierde pryse is 'n gratis haarbehandeling by Roland's en Plumb Crazy onderskeidelik.

# Rugby-uitslae

Afd A:

| | G | W | G | V | V | T | D | P |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Db | 6 | 6 | 0 | 0 | 92 | 10 | 16 | 12 |
| Ed | 6 | 5 | 0 | 1 | 80 | 24 | 12 | 10 |
| Sb | 6 | 4 | 1 | 1 | 56 | 36 | 9 | 9 |
| Wh | 6 | 4 | 1 | 1 | 28 | 26 | 4 | 9 |
| Me | 6 | 2 | 1 | 3 | 60 | 44 | 9 | 5 |
| Hb | 6 | 2 | 1 | 3 | 26 | 40 | 4 | 5 |
| OM | 6 | 1 | 0 | 5 | 42 | 72 | 7 | 2 |

Afd B:

| | G | W | G | V | V | T | D | P |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Eb | 6 | 6 | 0 | 0 | 78 | 28 | 12 | 12 |
| Li | 6 | 2 | 1 | 3 | 36 | 58 | 6 | 5 |
| Hh | 6 | 2 | 0 | 4 | 26 | 44 | 3 | 4 |
| HM | 6 | 2 | 0 | 4 | 28 | 46 | 4 | 4 |
| HV | 6 | 1 | 1 | 4 | 26 | 48 | 3 | 3 |
| Pk | 6 | 1 | 0 | 5 | 34 | 90 | 6 | 2 |
| Ma | 6 | 0 | 1 | 5 | 22 | 70 | 3 | 1 |

(In die volgorde: Gespeel gewen gelykop, verloor, punte vir, teen, drieë en punte behaal)

CROSS-COUNTRY

# Maties may battle

By ANDY WILLIAMS

MATIE atheltes in the Western Province team will be out to make their presence felt at the SA Cross-Country championships at Klerksdorp this Saturday. They will be competing in both the men's 12km and the women's 5km events.

Pieter Kloppers heads the WP challenge for the men's laurels, but with the likes of Mark Plaaitjes, Buks Annandale, Xolile Yawa and Matthews Temane in the field, a finish in the top five would be a wonderful effort by him. Corrie Müller has been troubled by injuries and is a doubtful starter.

Gerhard Joubert's training has been geared towards the Rooibos marathon a week later, but he is nevertheless in good shape for a hard 12km. Mike Meyer, in the under-21 8 km race should finish well up in the placings.

In the women's 5 km, Elana v Zyl, who was recently named as Stellenbosch's best middle and long distance female athlete, is likely to finish amongst the top three.

Last Saturday the WP Junior Cross-Country championships were held in Stellenbosch. Sean Simpson and Steph Stephan finished 6th and 7th respectively in the mens under-19 race. Marjorie van der Merwe won the womens under-19 race by a clear 53 seconds.

The West Coast half-marathon in Saldanha Bay this Saturday provides the road runners with an ideal warm up for the Rooibos Marathon a week later.

Well over 1 000 entries have already been received for the marathon. Some top participants include the defending champion Ben Choeu, Willie Mankayi (2nd in 1985), Siphiwe Cquele and Sonja Laxton. Gerhard Joubert running in Matie colours is looking towards a debut marathon time of 2 hours 20 minutes.



The Maties in the WP cross-country team are (standing) Gerhard Joubert, Suzanne Pretorius, Elana van Zyl, Marinda Lamprechts, Corrie Müller, (front) Pieter Kloppers, Mike Meyer and Kobus du Plessis.

Matie SPORT

Dagbreek nog steeds onoorwonne die semester

Elsenburg (8) bederf Eendrag (4) se kanse

Simonsberg verras Helshoogte met 6-0

Geen uitspeelwedstryde - punte vir word getel

# Is dít skyn-finaal?

**Deur CHRIS THERON**

DIE twee aanspraakmakers op die Jannie de Villiers-trofee meet môre kragte.

Die onoorwonne spanne van Dagbreek en Elsenburg sal op Elsenburg in 'n kleedrepetisie vir die eindstryd betrokke wees.

Wat Elsenburg betref, is hulle reeds in die eindstryd. Met 'n voorsprong van sewe punte bo die volgende span, Libertas, en met nog net twee wedstryde oor is hulle van hulle plek verseker, selfs al sou hulle die volgende twee wedstryde verloor en Libertas wen.

Eric van Zyl van Dagbreek se rugbyklub meen Elsenburg het 'n voordeel op hul tuisveld en dat Dagbreek die wedstryd as 'n "moeilikerige een" beskou.

Daar is veel meer op die spel vir Dagbreek, wat net twee punte voor hul naaste teenstaanders, Eendrag, is.

Eendrag is verlede Vrydag met 8 punte teen 4 deur Elsenburg op die Boere se tuisveld geklop. Hulle kom nou teen die verswakte span van Helshoogte te staan.

Loot Hanekom, van Eendrag, wou nie verskonings vir hulle nederlaag aanbied nie, maar het daarop gewys dat drie van hul gereelde spelers verlede week klubverpligtinge moes nakom.

Na verwagting behoort Eendrag die volgende twee wedstryde te wen en wag dus net hul kans af om self in die eindstryd te speel indien Dagbreek sou verloor.

In hierdie opsig het Dagbreek 'n voordeel bo Eendrag, want in die geval van 'n gelykopuitslag word die span wat die meeste punte aangeteken het, vir die eindstryd in aanmerking geneem. As hulle dus teen Elsenburg verloor en in die daaropvolgende wedstryd teen Helshoogte wen, gaan Eendrag ten minste dertien punte meer as Dagbreek vir die volgende twee wedstryde moet aanteken om vir die eindstryd in aanmerking te kom.

Elsenburg se rugbyverteenwoordiger, Gideon Theron, sê Elsenburg besef Dagbreek is 'n moeilike span om te klop, maar omdat hulle verseker is van hul plek, het hulle niks om te verloor nie.

## Libertas 6, Medies 4

**Deur VERNON VAN EEDEN**

MEEDOëNLOSE spel het Libertas se verrassende oorwinning Vrydag van 6-4 oor die gemotiveerde Mediese span van Tygerberg op 'n nat en modderige Coetzenburg gekenmerk.

Veral die voorspelers het met mening in die losskrums ingeklim. Die velde was baie nat en het veroorsaak dat die spel maar meestal onder die voorspelers beslis is. Daar was maar min agterlynbewegings. Hier het die losvoorspelers van Libertas hulle puik van hul taak gekwyt deur gereeld eerste by die losbal te kom en só waardevolle balbesit te wen.

Medies se spel was nie altyd na wense nie. Ná 'n goeie breek van een van Libertas se senters het Libertas se een flank gaan druk. Libertas se loskakel het vervyf, wat die telling tot 6-0 geneem het.

Hierna het Medies alles in die stryd gewerp, maar kon eers laat in die tweede helfte punte aanteken toe een van hulle voorspelers ná 'n losskrum oor is vir 'n drie.

Medies het nog steeds moedig geveg, maar die koeël was reeds deur die kerk. Met die blaas van die eindfluitjie was dit Libertas wat met 6-4 geseëvier het.

## Huis Visser 6, Wilgenhof 6

**By ANDY WILLIAMS**

In a match between two evenly balanced teams, a draw was the fairest outcome.

The weather once again influenced the pattern of play and both flyhalfs were forced to rely more on their boot than letting it out.

Huis Visser opened the scoring with a converted try midway through the first half. Wilgenhof came back strongly and tested Huis Visser's defence to the full on numerous occasions. Wilgenhof levelled the score with a converted try early on in the second half.

Scrumhalf Dirkie van Antwerpen scored Huis Visser's try and eighthman Willie Rabe went over for Wilgenhof's only try.

## Oude Molen 18, Pieke 0

OUDE MOLEN het in 'n wedstryd wat deur hulle voorspelers oorheers is, met 18-0 oor Pieke geseëvier. Dit was 'n welverdiende oorwinning vir Oudstes wat heeljaar al sukkel om op dreef te kom.

Oude Molen se voorspelers het die bal na willekeur uit alle fases van die spel gewen, maar die agterspelers kon as gevolg van die goeie verdediging aan Pieke kant net nie deurbreek nie.

Die gang van die wedstyd was bepaal deur Barry Touzel wat 'n skitterende vertoning in sy eerste wedstryd die jaar gelewer het. Hy het Pieke telkens gekelder met lang lyn- en- hoë hangskoppe wat Oude Molen op die aanval gehou het. Hy het ook die eerste punte aangeteken met 'n lang strafskop.

C. D. du Toit het die eerste drie gedruk wat vervyf is deur Touzel. Na onkantspel deur Pieke het Touzel weer punte aangeteken met 'n skepskop. Johan Huisamen (slot) het by tye op die agstemanposisie gesak. Hy het twee maal deurgebars om te gaan druk.

Uitblinkers aan Pieke se kant was die heelagter Hein Rossouw wat menigmale onnodig onder druk geplaas was. Aan Oude Molen kant het C. D. du Toit onder die voorspelers en Barry Touzel onder die agterspelers goed vertoon. Du Toit is egter laat in die wedstryd gelas om die veld te verlaat ná onnodige ruwe spel.

Ander uitblinkers was die Oudstesvleuel Riaan Kilian wat beïndruk het met sy vaart en systappe. Dis jammer sy talente word so verberg in die koshuis-tipe rugby.



Simonsberg het in Vrydag se wedstryd om die Jannie de Villiers Trofee Helshoogte deeglik met 6 punte teen 0 geklop.

SA JUNIOR RUGBY

# Maties help wen

**Deur HENRIËTTE GELDENHUYS**

VIER Maties was in die SAU 0.19-span wat Saterdag op Cradock 'n puik vertoning gelewer het deur die SA-skolespan in 'n aanskoulike wedstryd met 22-12 te klop.

Hulle is Ross Kerkhoff (vleuel), Stef Nel (skrumskakel), Kobus van der Merwe (senter) en Chris Roets, wat 'n deel van die wedstryd as reserwe gespeel het.

Die veel swaarder SAU-span moes soms hard spook om die skitterende skole-agterlyn in toom te hou. Nadat SAU deurentyd 'n geringe voorsprong behou het, het hulle oorwinning verseker met 'n strafskop deur heelagter Henk Prinsloo en 'n skepskop deur Pierre Potgieter, die losskakel.

Die Maties het 'n groot bydrae gelewer tot die span se oorwinning. Beide Kerkhoff en Nel het drieë aangeteken. 'n Goeie beweging deur Van der Merwe het tot Kerkhoff se drie gelei.

Hierdie spelers het reeds op skoolvlak goed presteer. Die 18-jarige Kobus van der Merwe van die Strand, tans 'n Dagbreker, is verlede jaar in die WP-Cravenweek-span opgeneem terwyl Chris Roets die SWA-span verteenwoordig het.

Roets is 'n inwoner van Huis Visser wat Windhoek vir Stellenbosch verruil het om sy rugbyloopbaan te bevorder. Hulle speel vir Maties se o/19's, wat vanjaar puik presteer en steeds hierdie seisoen onoorwonne is.

Kerkhoff, 'n inwoner van Helshoogte, het aan die Hoërskool High Park in Transvaal gematrikuleer en het ook sy provinsie op die Cravenweek verteenwoordig. Stef Nel was verlede jaar buite aksie weens 'n skouerbesering.

Kerkhoff en Nel is ook opgeneem in die SAU o/20-span. Hulle is deel van die Maties o/20-span wat Saterdag teen hulle Ikey eweknieë sal meeding om die Hedley Atkins-trofee. Daar is reeds vroeër vanjaar teen hulle gespeel, toe die Maties het met 4-0 gewen het.

KLUBRUGBY

# Veelsydige Gielie het blink rugby-toekoms

**Deur TONE NEL**

BEKENDSTELLING aan Gielie Vermeulen is vir sportondersteuners in die Kaap nie nodig nie. Wat min besef is dat hy een van die belowendste sportsterre in die land is.

Gielie, 'n gebore Suidwester en afkomstig van Mariental, is 'n produk van die Paul Roos Gimnasium op Stellenbosch. Hy het sy merk in sport reeds in 1982 gemaak toe hy die Boland o/15-krieketspan gehaal het. Hy was ook vir die SA Platteland o/15-span gekies, wat dieselfde jaar 'n draai in Holland gaan maak het.

Op die oomblik speel Gielie vir die Boland se senior span as openings—kolwer en draaibouler. Gielie was ook in 1984 kaptein van die Boland Hoërskole-krieketspan.

Gielie sé rugbyloopbaan op skool het 'n hoogtepunt bereik toe hy in 1983 as lid van die WP-skolespan vir die SA skole-toerspan gekies was om in Wallis te gaan toer. Ander bekende Maties wat in die span was, is Riaan Gouws, Hans Scriba, en Johan Blaauw.

Gielie is tans kaptein van die WP o/20-span en hy speel senter vir Matie se eerstespan. Gielie is vanjaar verkies tot onderkaptein van die SAU o/20-span.

Hy het reeds verlede jaar sy buiging in senior rugby gemaak toe hy vir die Victoriane uitgedraf het. Hy het toe reeds vir die WP o/20-span gespeel. Ander spelers wat soos Gielie naam gemaak het terwyl hulle nog o/20 was, is Carel du Plessis en Flippie van der Merwe.


Gielie wil op die stadium nog nie kies tussen die senter- en heelagterposisie nie, maar hy klink tog meer entosiasties as hy oor die heelagterspel praat.

Gielie se pa het in sy jongdae vir die suide van Suidwes senter gespeel, langs dr. Robert Pool wat Gielie as die grootste invloed op sy rugbyloopbaan beskou.

Gielie is 'n bogemiddeld goeie sportman met talent wat hom nog ver gaan bring.



Gielie Vermeulen blink reeds as onder-20 speler uit.




Die STELLENBOSCH

# Winkel

Het Laantje, Andringastraat 13, Stellenbosch 7600
Het Laantje, 13 Andringa Street, Stellenbosch 7600
Tel (02231) 76803 PO Box Posbus 6122 Uniedal 7612

---

**M Musica** *Good News For Music Lovers!*

## Everybody's listening to...

# Michael Franks!

## Have you listened to these?

- TIGER IN THE RAIN
- BURCHFIELD NINES
- ONE BAD HABIT
- SLEEPING GYPSEY
- ART OF TEA

AT ALL BRANCHES
RECORD & CASSETTE

only **11⁹⁹** EACH

*You'll find more at...*

**Musica**
DROSTDY CENTRE, STELLENBOSCH
TEL. 72002

---

KOM NA


# Tillah

VIR VARS HOLLANDSE PASTEIE, SOETGOED & KOEKKIES

TOEBROODJIES & NOG BAIE MEER

VAN RYNEVELDSTRAAT 40

---



**WASSERY (DIE WASBALIE)**
*VOLLE DIENS OF SELFBEDIENING*
**VERGELYK ONS PRYSE!!**
WAS **R1,20** DROOGMAAK **50c**
* GRATIS PARKERING (oorkant Mastertreads)
BIRDSTRAAT 91 • TEL. 70326


---

$ $


# VAKANSIEWERK

**MATIES VERDIEN R172 952,51**
(JUNIE-VAKANSIE '86) (REEDS ONTVANG)

* GEEN GEWAGTERY VIR LATERE "MOONTLIKE" GELDE NIE.
* DOEN NOU AANSOEK VIR SEPTEMBER/DESEMBER OM TELEURSTELLING TE VOORKOM!!
* TOT 30% KOMMISSIE.




$




................................ stel belang om vir DUPLEX vakansiewerk te doen

ADRES ................................

................................ TEL NR. ................................

**Pos aan: DUPLEX, Bus 2393, Stellenbosch**
**TEL.: 73620/1 (02231)**